ISSN 0258-0152

SWART OP WIT

jg 4/1 vere et iucunde Januarie 1988


# PERSPEKTIEF OP DIE SENDINGJAAR

Al J. Venter se TV-reeks oor die ware Afrika het my laat wonder of die populêre debat oor die sending werklik in die regte terme gevoer word. Dit is my indruk dat daar in Suid-Afrika, hoofsaaklik in minder ingeligte kringe, oor die sending soos oor die kleurpolitiek geredeneer word. Aan die een kant staan diegene wat sê die sending is die moeite werd omdat die gekleurdes eintlik goeie mense is. Sending en skolebou is die moeite werd. Dis nie die swart *Christene* wat die skole afbrand nie. Aan die ander kant is daar die sendingvyande wat sê die Swartes sal nooit verander nie. Sommige sê selfs agter Neser aan hulle is nie egte mense nie. Sending is geldmors. Soos iemand, tans van die APK, dit aan my gestel het: "Ek praat drie swart tale en ek sal my in nog twee nie laat verkoop nie, en ek sê jou samewerking met hulle sal ons einde beteken."

Miskien moet ons die ywer van eersgenoemde met die realisme van laasgenoemde paar en die sending steeds in die lig van die evangelie propageer en bedryf: Dat die genade van God sterker as elke soort sonde is — ook hardnekkige barbaarse primitiwiteit.

Om dit grof te stel: Sending moenie bevorder word met die aanspraak en slagspreuk dat dit die moeite werd is omdat die sendingobjekte nie regtig so sleg is nie, maar juis in die lig van die *nood* waarin die mense verkeer. Dié wat reeds bevry is uit die bande van primitiewe bygeloof is nie meer sendingobjekte nie, en die ander roep om bevryding, al besef hulle dit self nie. Dieselfde geld kultuurheidene — ongeag hulle kleur of ras.

Die momentum van "konserwatiewe" Afrikaners se argumente oor die nutteloosheid en futiliteit van die sending moet dus ten bate van die sending aangewend word. Hoe groter die probleem, hoe dringender die taak. En: geen gelowige kan sê, al behoort hy ook aan die APK, dat die probleem vir God te groot is nie.



*Lees binne ds. Frans Fouché se insiggewende brief oor die NG Kerk onder swart meerderheidsregering in Zimbabwe.*

# PROFEET OF BULLEBAK

*Dit word hopelik al makliker om dood te gaan hoe ouer jy word.*

Dis die moeilikste vraag om te beantwoord. Ek wonder of dit vir Jesaja en Jeremia ook moeilik was. "Daar is nie plek om kos op julle tafels neer te sit nie; die tafels is vol braaksel."

Hulle was tog nie volmaak nie. Hulle was sondaars, soos ons. (Jak. 5:17) Dit moes vir hulle ook moeilik gewees het. En ons is profete én ook priesters en konings.

Dit is maklik om te praat van profetiese moed. Dit is moeiliker om dit aan die dag te lê. Dis soos om op 'n koord te loop, met afgronde weerskante. Dié wat jou prys, is bang dat hulle saam met jou sal sink. Dié wat jou haat, wens jou dood.

En jy weet nie wat om elke dag te doen nie. Elke uur, elke telefoonoproep. Jy probeer eerlik wees en lê wakker in die nag oor of dit nou ongemanierdheid was. Jy skryf oor dinge wat gebeur het, en wat mense gesê het, omdat dit die punt duidelik stel. Jy ly onder die vrees en die reaksie van mense wat te bang is om te verstaan.

Jy wonder soms of dit nie makliker word om dood te gaan soos mens ouer word nie. Daar moet tog 'n dag kom dat jy nie meer die moed het om te veg nie? Daar moet tog 'n tyd kom waarin die bestaande orde weer die oorhand kry — ongeag wie die personeel uitmaak — en in hulle klein huisies weer die lakens uitdeel. Hoe selde was 'n profeet ook 'n koning.

Die ergste is as iemand wat jy hoog geag het, sy rug op jou draai. As hy jou nie meer glo nie. En jy kan daar niks meer aan doen nie. Jy mag veral nie weer 'n briefie skryf nie, want jou vriende sê jou waterdigte briewe maak mense woedend.

Ons *is* priesters, konings en profete, maar ons is dit eintlik nog maar net in die geloof, nie in aanskoue nie. Eintlik was daar maar één ware Priester-Koning-Profeet. Hy het sy koningswoorde profeties gepraat en toe die mense Hom daaroor kruisig, het Hy bewys dat Hý nie 'n bullebak is nie — toe Hy Homself priesterlik geoffer het.

As ek maar iéts van dáárdie wysheid kon gehad het.


**SWART OP WIT**

REDAKTEUR: Manie Malan
MEDEREDAKTEUR: Elmer Erlank
ADMINISTRASIE: Annatjie Malan

ADRESSE

Bydraes: Die Redakteur, posbus 15185, Lynn East 0039
Tel: (012) 821105
Administrasie: Claritas, posbus 15621, Lynn East 0039
Tel: (012) 821105

KOSTE

Intekengelde beloop R20 per keer en is vooruitbetaalbaar. Een uitgawe van 28 bladsye kos ongeveer R4.

KANSELLASIE

Intekening bly geldig totdat dit skriftelik beëindig word. Dit verval nie outomaties as intekengelde verbruik is nie.

FREKWENSIE

SOW verskyn telkens as hy gereed is, maar nie meer dikwels as een elke twee maande nie.

OUTEURSKAP

Alle artikels waarby die outeur nie vermeld word nie, is van die redakteur.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 4/1 JANUARIE 1988

# OORTUIG DEUR DIE GEES

Skrifgedeelte: Gal. 2:15–21

**Gert Duursema**

*Die derde aflewering in 'n reeks oor Galasiërs en die Heilige Gees.*

Is u 'n ernstige mens wat nie oor die godsdiens lig en uitbundig fladder nie? Soek u na vrede met God? Is u hart vol verlange en wonde en seer en... wat om genesing, om uitkoms pleit?

Dan ken u die nood: wat kan ek doen om tog net iewers opgevang te word in die genade van die Heer, dat ek tog net vrede met God kan hê? Dan is u iemand wat ernstig soek na die wil van God vir u lewe. Dan sal u waarskynlik ook glo dat u — om vrede met God te hê — uself sal moet toewy, uself sal moet toelê om die wil van God te doen, uself sal moet beywer vir die saak van die Here. U voel u sal iets moet doen.

Maar voel u nie ook dat alles wat u doen, so ontoereikend is nie?

* * *

Hoe maak mens as jy iets geweldigs wil oordra? As jou hart brand om vir mense te sê: só kry jy vrede met God? As jy mense se angs en nood voel asof dit jou eie is? Hoe sê mens dit dat mense dit hóór? Regtig hoor sodat dit hulle lewens beslissend sal beinvloed. Jy is in barensnood om hierdie één gedagte oor te dra. Dit brand soos 'n vuur in jou. Dit moet uit. Die mense moet dit hoor. Want hulle angs is jou angs.

> *Paulus is dikwels beskuldig dat hy sonde bevorder.*

Al wat jy kan doen, is om die een ding oor en oor en oor te sê. Soos Paulus. In die lange Gal. 2:16, in net dié één vers, sê Paulus dieselfde ding nie minder as ses keer nie! Drie keer sê hy ons verkry nie die vryspraak deur die wet te onderhou nie, en drie keer sê hy ons verkry dit deur gewoon in Christus te glo. Te glo in wat hy is en te glo in wat Hy gedoen het.

Hoor u? U met die bang hart. U wat so verlang. U wat so ernstig is. U wat so mooi is in u soeke na die wil van God. Hoor u dat u niks hoef te doen nie? Dat u dit regtig kan glo dat u vrygespreek is. God is nie (meer) kwaad vir u nie. Jesus, die Here, het gaan vrede maak tussen u en God. U hoef nie verder te soek nie. Die Vader hou sy arms vir u oop. U kan maar daarin val.

Paulus besef dat hy besig is om iets ongelooflik mee te deel. Daarom sê hy dit so oor en oor. Vrede met God sonder die wet. Vry van Moses. Vry van die tien gebooie. Vry net omdat God dit so wil, omdat Hy ons lief het.

Geregverdig vry van die tien gebooie? Nee, dit kan nie. Dit voel vir ons na heiligskennis — net soos vir die Fariseërs. Het Paulus dit regtig teen die wet? Is hy gekant teen 'n vroom godsalige lewe? Wil hy mense laat laks word? Wil hy dat mense maar willens en wetens links en regs sondig en praat hy dit goed?

Sulke beskuldigings is dikwels teen Paulus ingebring. Lees maar Rom. 3:8 en 6:1,15. Ook hier in Gal. 2:17 ontken hy dat dit ooit sy bedoeling is. Christus staan beslis nie in die sonde se diens nie. As sonde en onheiligheid sommer niks was nie, as God dit sommer so sito-sito oor die hoof sien, waarom moes Christus dan die kruisweg gaan? As sonde maar sommer niks is nie, sou Christus eweeens verniet gesterwe het. Nee,

*ek kos Hom die slae*
*die smarte en die hoon*
*Hy moes vir al my* sonde
*die bitt're kruisweg gaan* (Ges. 133:1)

Waarteen is Paulus dan wel so erg gekant? Hy het dit teen arrogante, selfgenoegsame Fariseërs. Teen mense, sondige mense wat dink dat hulle self hulle geregtigheid voor God kan bewerk. Mense wat nie op Jesus wil vertrou nie, maar op hulle eie "voortreflike" werke. Hy het dit teen die hoogmoedige mens wat dink dat God dit gelukkig getref het om so 'n besondere kêrel aan sy kant te kry. Dit is nie die gebroke mens van wie ons hierbo gepraat het nie. Dit is nie die mens wat vurig na God verlang

nie. Daarom dat Jesus (en Paulus) meer tyd had vir hoere en tollenaars as vir arrogante Fariseërs. Jesus het hulle altyd gaan opsoek, hierdie gebrokenes, armes, noodlydendes, hierdie mense wat God so nodig het.

* * *

In dié lig is die agterstevoor redenasie in vers 18 te verstaan. As hy mense van Jesus af weghou met die wet, juis dan is hy 'n oortreder van die wet. Sou hy mense leer dat hulle, om vrede met God te hê, eers aan sekere vereistes moet voldoen, dan sal hy, Paulus, skuldig wees aan die oortreding van (o.m.) die eerste gebod, want dan leer hy mense om "...in die plek van die enige ware God... of naas Hom iets anders uit te dink of te hê waarop jy jou vertroue stel." (HK vrg 95) Dan sou hy mense leer om hulle vertroue in hulle self te stel en nie in Jesus alleen nie. Dan sou Jesus alleen nie genoeg wees nie; sy verlossingswerk moet dan aangevul word met wetsbetragting.

> *Na alles mag 'n mens die begeerte oorhou om nou asseblief saam met Jesus te sterf. Paulus sê jy moet dit nie nog doen nie. Jy kan maar glo dat dit op die kruis gebeur het.*

Daarom moes Paulus die getroue wetsbetragter en vervolger van Christus dood. Toe Paulus Jesus ontdek, kon hyself net nie langer leef nie. Nou leef Jesus. Nou draai alles in sy lewe om Jesus. Nou beskou hy alles as drek om Christus as wins te verkry. "Welk een ommekeer. Waar is die Saulus, die de gemeente vervolgde? Waar is de ijveraar voor de wet? Waar is de trotse Benjaminiet met sy koningsnaam? Hij is nergens meer te vinden. Hij is dood. Hij is met Christus gekruisigd. Niemand heeft meer last van hem. Zijn handen en voeten zijn met Christus aan het kruis genageld. Hij grijpt en vervolgt niet meer. Zij hoofd is met Christus gebogen. Zijn hart is met Christus gebroken. Zijn zijde is met Christus doorboord."*

Gal. 2:19,20 is allermins 'n roem in eie voortreflikheid. As Paulus homself dood verklaar, vertel hy nie hoe oulik hy is nie, maar hoe bitter nodig hy Christus het. Hy het probeer om die wet te onderhou, maar gefaal. Die Heilige Gees het hom oortuig van sy sonde. Eers sê hy hy is nie 'n heiden nie, maar 'n wetsgehoorsame Jood. Later weet hy dat veral hý Christus nodig het. (1 Tim. 1:15,16) Paulus het ontdek dat hy vroeër gedink het dat hy God dien, maar eintlik het hy homself gedien. Met vrome retoriek kon hy sy eie voortreflikhede besing. Toe sterf hy aan homself. Nou leef Christus. Nou is Paulus werklik vroom, geheilig deur die Gees, toegewy aan Jesus, vol ywer om hierdie wonder verder te vertel.

"Welk een ommekeer." Inderdaad. Dit is mos bekering. Dit gebeur as die Gees van God jou pak, as Hy jou oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel.

* * *

Dit is wat ek wil hê met my moet gebeur. Dat ek aan myself sterf. Dat ek ophou om vir myself te leef. Dat ek regtig 'n oog kry vir die koninkryk van God — dat ek dié sal soek, nie myself nie maar om Christus ontwil, ter wille van slegs sy eer. Eie gerief sal plek maak vir 'n kruis. As dit met my gebeur dat ek saam met Christus gekruisig word en ek nie meer leef nie, maar Christus in my, dan sal die ywer waarmee ek vir myself gewerk het, ywer vir Christus wees. Ja, en ek wil dat ek 'n oog sal hê vir die mense rondom my. Dat ek sal soek na wat in hulle belang is en nie langer na eie belang nie.

Ek sal moet dood voor dit gebeur. Ek sal gekruisig moet word voor selfbehoud, eiebelang, alles wat my tot voordeel mag strek, ondergeskik raak aan die belange van my naaste.

En u? Wat wil u hê moet in u lewe gebeur?

Ons hoef nie op soek te gaan na 'n mistieke gebeurtenis waartydens ons gesterf het nie. Ons kan maar net saam met Paulus glo dat ons gesterf het. "Wanneer er iets sal blijken gegrond te weest, dan is het dit roemen in God."*

* Noordmans

VERSAMELDE WERKE VAN NOORDMANS
Swart op Wit het klaarblyklik daarin geslaag om belangstelling in die teologie van dr. O. Noordmans te wek. Pogings om sy Versamelde Werke regstreeks te bekom, was dusver egter nie suksesvol nie. Ons gaan egter DV April vanjaar Holland toe, en sal dan by Kok in Kampen probeer 'n ooreenkoms bereik. (Die "ons" is ek en die administrasie.)

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 4/1 JANUARIE 1988



# KRUIS EN MUNT

'n Rubriek oor alles en wat

Manie Malan



Die rubriek Kruis en Munt was dusver meesal stukkies en brokkies verspreid oor die blad. Hierdie keer moet hy dien om verspreide stukkies aan mekaar te las.

Swart op Wit het sy derde jaargang voltooi teen die voorspelling in van welmenende doemprofete en tot my eie verbasing en vreugde.

Aan die begin van die vierde jaar sal dit nie meer te erg voorbarig wees om te vertel waarom en hoe Swart op Wit gebore is nie.

## GEBOORTE

Die skrif was aan die muur, so grys op wit, dat die dae van vryelike publikasieruimte by Die Kerkbode verby is. In daardie dae het ek by Elmer Erlank op Koppies langs gery en hom sien sit en peuter met 'n duur Olivetti wat in staat is om 'n gelyk kantlyn regs te maak. Broeder, het ek gevra, ek gaan genoodsaak word om 'n eie tydskrif uit te gee, sal jy my help? En nie lank daarna nie, op navraag wanneer iets dan weer verskyn, het die vorige redakteur van Die Kerkbode, eerlik en openhartig soos hy was, geskrywe dat dit hom spyt, maar dat hulle nie meer so veel van my goed sal kan publiseer nie, want daar het klagte gekom.

verplig om hulle vir 'n tyd terug
omdat ons verskeie klagtes ontvan
Manie Die Kerkbode oorgeneem het

So het daar die een jaar nog 25 artikels verskyn en die volgende jaar net 4. En so is Swart op Wit gebore — om ruimte te máák.

Vandag lyk die eerste uitgawe asof Swart op Wit 'n besering by geboorte gehad het (veral weens die skepsis van die uitlegger), maar hy was klaarblyklik lewensvatbaar genoeg om genoeg intekenaars te werf om 'n basis te lê. Sedert die derde uitgawe het 'n setmasjien nie slegs die tikmasjien vervang nie, maar ook die tegniese versorger, wat die uitleg behartig, is vervang met iemand wat steeds verkies om anoniem te bly.

## BELEID EN ADMINISTRASIE

Uitgewersondervinding het 'n formule gevind tussen berugte struikelblokke heen: Oplaag slegs vir intekenaars, wisselende omvang en prys, frekwensie nie gewaarborg. Oop vir enigeen om te skryf, maar nie skrywers werf nie. Liewer alleen skryf as om al versigtiger te moet word — sodat medewerkers nie dalk aanstoot neem nie. In beginsel kant gekies teen die sindroom om te probeer imponeer met die magdom van medewerkers en hulle status en titels. Dan liewer die beskuldiging van egosentrisme.

* * *

## TEOLOGIESE KONFERENSIE

Hoewel die voorblad van SOW hoofsaaklik nuusgerig is, het daar die afgelope tyd veel meer gebeur as wat gereflekteer kon word, en die gebeurtenisse het self ook (skryf-)tyd (in beslag) geneem.

By die Teologiese Fakulteit (B) in Pretoria was daar die kursus van prof. Malan Nel se VTO-instituut wat wye belangstelling gewek het met sy temas van wedergeboorte, bekering en verbond. Ds. Mike Smuts was daar uit Stellenbosch en ds. Frans Fouché uit Zimbabwe. Ds. Dirk Viljoen was ook voortdurend daar, met die versekering aan die einde dat, al sou daar soms 'n glipsie kom, met 'n *formulering* in 'n katkisasieboek, dit nóóit hulle bedoeling is om te dwaal of sektarisme te bevorder nie, wat mens graag glo.

'n Veer in die hoed van prof. Malan Nel wat end-uit sy belofte gestand gedoen het om elkeen billik te behandel en die konferensie nie as voorsitter in 'n rigting te druk nie. Dit moes 'n groot teleurstelling vir sommige teologiese studente gewees het wat openlik vertel het dat die uwe (Kohlbrugge redivivus) gebraai gaan word.

Ook 'n pronkveer aan prof. Johan Heyns wat in antwoord op 'n vraag oor wat die doop sê, gesê het God sê Hy het jou kind lief. En toe die dominee nie tevrede is nie en vra: "Professor, wat moet ek vir 'n moeder by die dooponderhoud sê? Moet ek sê hierdie kindjie kan God se kind wórd — want die heilsbeslissing val by sý keuse. Of mag ek sê: Jou kind is Gód se kind? Toe sê prof. Heyns: "Dis gewoon onvoorwaardelik. By die doop sê God onvoorwaardelik dat dit sy kind is." En hy kan dit so mooi sê.

En 'n spesiale veer aan ds. Mike Smuts Senior wat die belydenisskrifte in beskerming geneem het teen Manie Malan toe prof. Attie Barnard nie gehoor gee aan sy versoek om Malan nie met sy stellings te laat wegkom nie. Ook dít was 'n stukkie insiggewende debat. Ds. Smuts glo naamlik dat God die geloof aan die mens skenk soos 'n tang, en dan kan die mens rondkyk wat hy daarmee kan vat, en dan moet hy Christus vat. Miskien is dit baie se probleem. Maar dit werk nie so nie. Ons ontvang nie geloof as 'n vermoë nie; ons ontvang Christus, gekleed in sy evangelie. Soos prof. Barnard treffend gesê het: die fides quae en die fides qua kan nie geskei word nie.

Daar kan egter, sonder gevaar van teenspraak (soos die kerklike taal sê), gekonstateer word dat die taal en die toon van die kursus — by name by monde van die kursusgangers — belydenisgetrou was met 'n begeerte om nie langer verdwaal te sit in die wollerige denke van onevangeliese moralisme nie.

Ek meen dat die referate mettertyd in die handel te koop sal wees.

* * *

**SINODE**

Die Noord-Transvaalse Sinode het gemaak dat die vorige uitgawe van Swart op Wit 'n maand later was. Dit was 'n heerlike sinode. Talle broeders het oor en oor so gesê. En agterna het briefies gekom wat sê 'n mens kon weer asemhaal.

jong manne dit 'n boodskap van hoop
die Woord 'n keer die fondament van

'n Volstruisveer in die hoed van prof. Flip van der Watt wat 'n modelmoderator was; 'n egte primus inter pares. Wat net één keer sy posisie in die stoel misbruik en tóé met grasie verloor het teen die voorstel dat die regskommissie ondersoek instel hoe die "Afrikaanse" karakter van die kerk in sy naam gereflekteer kan word. Hy het nie eens die stemme téén laat stem nie — so oorweldigend was die meerderheid.

Wat die voorsteller met diepe dankbaarheid vervul, en wat prof. Daan Pienaar laat sê het as hulle dit eerder al gedoen het, het ons dalk nou met 'n veel kleiner APK gesit. As dieselfde nou maar by die Algemene Sinode in 1990 in Bloemfontein (DV) kan gebeur. 'n Afrikaanse Gereformeerde Kerk of 'n Gereformeerde Afrikaanse Kerk — wat gasvry oop is.

# WAT ARMINIANISME IS

Daar is 'n taamlik algemene opvatting dat daar in hoofsaak twéé leerstellige standpunte in die NG Kerk bestaan. Daarom ook twee groepe.

Totdat iemand dit gesaghebbend uitlê, sal ek glo dat daar 'n Arminiaanse standpunt is en 'n Gereformeerde; uiteraard met meer en minder kundige eksponente. Die Arminiaansgeorienteerdes is sinergisties, d.w.s. hulle leer dat God én mens op een of ander wyse saam-werk aan die saligheid, en die Gereformeerdes dat God ons met Christus alléén net uit genade gered het, en dat ons dit mag glo.

Die Arminiane, dink ek, sien dit nie so nie. Hulle dink nie hulle is Arminiane nie, en meesal twyfel hulle of die Gereformeerdes gered is. Húlle meen die twee standpunt is:

1. Hulle: 'n Mens word gered wanneer jy tot bekering kom, dit is: wanneer jy die sonde los en die Here aanneem.
2. Ons (aldus hulle): Dat ons nie in bekering glo nie omdat God alles gedoen het, en dat 'n mens jou daarom nie hóéf te bekeer nie. Daarom dink hulle ons kan nie anders nie as om te glo dat álle mense gered word. En tog sê hulle dikwels ons sê dis die doop wat red. Vreemd en inkonsekwent.

* * *

Nou is dit interessant om te kyk wat 'n goeie stan-

daard ensiklopedie sê wat Arminianisme is. Dit word in vyf stellings saamgevat:

1. Nie die uitverkiesing is die oorsaak van ons saligheid nie, maar 'n *ware* geloof, 'n uitdruklike keuse vir God.
2. Die versoening van Christus was genoegsaam vir álle mense, maar net dié wat dit aanneem word gered.
3. Ons word gelowig deur die hulp van die Heilige Gees maar
4. dié genade en oorreding van die Heilige Gees kan verwerp word (dit is nie onweerstaanbaar nie), en moet daarom uitdruklik *aangeneem* word.
5. Gelowiges is in staan om sonde te oorwin, maar dit bly moontlik dat hulle verlore kan gaan. Hulle moet dus aanhoudend dinge reg-hou.

* * *

> *Totdat die teendeel bewys word, sal ek glo dat die sogenaamde "twee standpunte" in die NG Kerk in breë trekke 'n Gereformeerde en 'n Arminiaanse standpunt is.*

Hierdie standpunte van die Arminiane (of Remonstrante) is deur die Gereformeerde Kerke *verwerp* – veral in die Vyf Dortse Leerreëls, wat een van ons drie belydenisskrifte is. Ek stel die Gereformeerde standpunt teenoor die 5 Remonstrantse beginsels.

1. Die uitverkiesende liefde van God is die oorsaak van ons saligheid – dáárom het die Vader die Seun ons op die kruis laat verlos. Anders gesê: God het nie ons geloof (of goeie werke) in ag geneem toe Hy ons gered het nie. Hy het ons gered nét omdat Hy ons jammer gekry het.
2. Die versoening van Christus was 'n betaling groot genoeg om álle mense te red, maar nie alle mense wil dit glo nie. Dat net dié gered word wat glo in God se uitverkiesende liefde wat op die kruis red, beteken nié dat dit die *geloof* is wat ons red nie.
3. Ons word nie gelowig deur die *hulp* van die Heilige Gees nie, maar deur sy *krag* waarmee Hy ons met die evangelie verower, en
4. dié genade kan nié verwerp word nie, dis onweerstaanbaar. Of anders gesê: Dis nie vir óns om te kies – aan te neem of te verwerp – nie. As ons glo, is dit nie omdat ons reg kies nie, die Heilige Gees "dwing" ons om te glo, Hy oorreed en oorweldig ons; Hy vernietig ons weerstand. Dat sommige tog nie glo nie, ondanks die onweerstaanbaarheid van die Heilige Gees en die genade, is die absurde onbegryplike verskriklikheid van die sonde. Dit is wat die Bybel bedoel as hy sê: "Hulle het my *sonder oorsaak* gehaat."
5. Gelowiges kan die sonde nie oorwin nie. Hulle kan hier en daar 'n veldslaggie wen, maar die totale oorlog nié. Selfs hulle beste werke is van sonde deurkanker en strafwaardig voor God. Maar hulle kan nie verlore gaan nie, omdat hulle redding nie van hulle dade afhanklik is nie. Dit is die leer van "die volharding van die heiliges" – wat nie 'n outomatiese nie, maar 'n geloofsaak is. God sê: Niemand sal julle uit my hand ruk nie, en ons mág dit glo. En elkeen wat dit glo, sal nié beskaam word nie.

* * *

Hoewel ons blad so van harte gerig is teen alles wat ons Gereformeerde erfenis bedreig en verloën, is ons nie blind vir die uitwasse van die verkeerde interpretasie van die Gereformeerde godsdiens nie. Byvoorbeeld die gevaar dat die prediking kan ontaard in bloedlose lesings; dat mense kan dink hulle word gered oor die regsinnigheid van hulle geloof; dat mense onverskillig kan raak en plesier in die sonde kan vind in plaas van berou daaroor. Maar dan tree hulle strydig op met die diepste bedoelings van die Gereformeerde godsdiens. Dan het hulle die genade en sy appèl nog nooit verstaan nie.

# Jeugwerk

Op my dae het ek heelwat met jeugwerk te doen gehad; kursusse gehou, toegespreek ens. Ek moet eerlik sê dat ek nie net aangename herinneringe oorgehou het nie. Op 'n dag het ek in 'n woedebui neergeskrywe: As iemand se verstandsontwikkeling voortydig gestaak het, noem ons hom verstandelik vertraagd; as iemand se persoonlikheidsontwikkeling vasgesteek het, noem jy hom 'n jeugleier.

Op 'n dag wil ek iets skryf oor die gevare van jeugwerk en jeugleiers. Ek dink die grootste probleem is dat jeugleiers epigone wil maak – mense met die Oom-sindroom – sonder om hulle te leer wat vryheid is. Dit is ook waarom die jeugwerk onder die intelligentes misluk, en waarom die produkte van jeugwerk so dikwels met halwe waarhede en dwalings dweep.

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 4/1 JANUARIE 1988*

# DAGGA, DIAMANTE EN GODSDIENS

'n Paar jaar gelede het 'n sendingdominee uit Natal in 'n nuusbriefie die mooiste verhaal vertel van 'n evangeliseringsaksie in Zoeloeland. Baie vrouens woon hulle tentdienste by, skryf hy, daar in die byna ongerepte heidenvelde, maar een van hulle probleme is dat die NG Kerk in die swart gemoedere met die staat en die polisie geassosieer word, en tydens die dienste is die polisie juis op soek na dagga in die kontrei. Nou preek en preek hulle in die groot tent, en skielik dreun die helipkopter verby en die heilbegerige Zoeloevrouens storm buitentoe om te kyk of die polisie hiérdie keer hulle daggalandjies gaan kry.

*Dis vreemd waarvoor sondaars die Here en die godsdiens soms emplojeer.*

Eintlik is dit 'n baie ernstige saak. Dis hulle hoofbron van inkomste. Hulle daaglikse brood. So jy vind jy kan nie te hard lag nie.

Buitendien onthou ek toe hoe my eertydse baas by die Ontvanger van Inkomste, Jakob du Plessis, my vertel het van 'n ouderling op Kimberley wat vertel het hoe hy diamante gesmokkel het, en hoe die polisie hom meer as eens ámper gevang het. As die Here hom nie gehelp het nie...

Die laaste is die woorde van die ouderling, nie van Jakob nie.

En nou die aand doen ek huisbesoek op 'n plek waar mense baie kom en gaan, en daar is 'n mooi vroutjie wat eersdaags die derde keer gaan trou. Heeltemal intelligent ook. Haar eerste twee mans was eenvoudig niks anders as mislukkings nie.

Ek vra hoe weet sy die derde man sal goed wees? Sy sê sy voel sommer so. En ook: die eerste keer toe hy hier by haar kom slaap het, het hy die aand eers op sy knieë gegaan. "Ek kyk nog so, en weg is hy, en toe sien ek hy staan op sy knieë. Toe weet ek sommer: dis die man vir my."

Hoe meer ek daaraan dink, hoe meer besef ek die snaaksigheid lê nie daarin dat dit gebeur het nie, maar dat sy dit vir die dominee vertel het.

# Sy groot oomblik

Ek dag toe ek laas vertel het van Manie se huis, dat ek vir eers alles vertel het. Maar toe onthou ek nog van die geweldige oomblik in sy lewe so vier jaar gelede; toe dit hemels vir hom moes gevoel het.

Sy broer het toe by die koerant in Bloemfontein gewerk, en Manie was nog in die Lettie Fouche inrigting. En naby Lettie Fouché in die kliprantjies van Ribblesdale is my stukkie grond met die klein wit huisie op.

Toe nooi Schalk die dag 'n vriend of twee en hulle gaan 'n vleisie braai tussen die natuurlike boomstruike — waar niemand sal pla nie. Op pad daarheen laai hulle Manie op.

En toe die vuurtjie brand en die son, trek die manne hulle hemde uit, en Manie ook.

En hulle knak elkeen 'n bier; in die stilte met die swaar vragmotors wat ver op die N1 verbydreun en die kokkewiete wat kronies na mekaar roep in die Vaalbosse.

Toe sien Schalk dat iets Manie nog ontbreek daar langs die vuur, in die son, met sy bonkige bolyf kaal — die sterk skouers krommerig van die skoliose, en die magie wat kompenseer.

"Manie, wat van 'n sigaret?"

"E-dankie; ja, e-asseblief Schalk."

En toe breek die oomblik van die koninkryk aan waarvan Van Ruler gepraat het. 'n Man onder die manne. 'n Oomblik van groot en normaal wees. Al duur dit net vyf minute lank voordat die harde werklikheid weer oorneem.

Die skade kan tog kwalik méér word.

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 4/1 JANUARIE 1988*

KORRESPONDENSIE

# DIE KERK IN ZIMBABWE

*Jy vra wat met die NG Kerk in Zimbabwe gebeur het na die instelling van swart meerderheidsregering?*

*In 1980 het iets in Zimbabwe gebeur wat die meerderheid blankes hier verslae gelaat het, en die meeste van hulle, Afrikaans en Engelssprekend, het die land verlaat. Daarmee saam het 'n groot getal NG lidmate ook die land verlaat. Tans is daar slegs 2122 belydende lidmate en 534 dooplidmate in die Sinode van Midde Afrika oor.*

*Die rede vir die trek was o.m. paniek en wantroue; die toekoms het onmoontlik gelyk en mense is geflous deur hulle eie swartgallige propaganda.*

*Dié wat gebly het, het dit nie gedoen omdat hulle met die sisteem saamgestem het nie, maar ter wille van hulle belange. Hulle sou nie elders so 'n bestaan kon maak soos hier nie. Hulle het egter toenemend besef dat die Here ook nie geëmmigreer het nie — dat Hy nog steeds sy kerk lei en versorg.*

> As die NG Kerk in Zimbabwe kerk van die Afrikaner moes bly, sou hy graf toe moes gaan saam met die laaste Afrikaner.

*Die NG Kerk moes ook aanpas onder die nuwe omstandighede. Die kerk het algaande besef die Here loop 'n nuwe pad met nuwe perspektiewe. Wat vroeër belangrik was, is nie nou meer belangrik nie. Vroeër kon die NG Kerk sy stem dik maak, maar nou het die Kerk nie meer 'n eie stem nie. Hy moet nou sy stem laat hoor deur die "Heads of Denominations", 'n inter-kerklike organisasie.*

*Maar die grootste besluit wat die kerk hier moes neem, was: is ons volkskerk of kerk van die Here Jesus?*

*As die kerk 'n volkskerk sou bly, dan sou die kerk miskien nog een geslag die kerk van die Afrikaner kon wees, maar dan sou hy ook graf toe moes gaan saam met die laaste Afrikaner.*

*Maar as die kerk nie eksklusief Afrikanerkerk gaan wees nie, moet hy sy nette verder uitgooi as die Afrikaanssprekende blanke.*

*Die Sinode het hom op die laasgenoemde pad begewe en gedurende 1983/84 het daar al parallelle bedienings ontstaan teenoor Engelssprekendes en Swartes.*

*Die kerk het oper geword teenoor ander tale en kulture. Die Engelse gemeente in Harare is 'n NG Kerk net in Engels.* (Waarom dan tog nie maar 'n English Reformed Church nie? — MM) *Dit het nog 'n NG-karakter, die belydenis is dieselfde, maar die volkstone is net flouer. Jeugkampe, kategese en dienste word in Engels gehou, anders sal die kerk sy roeping nie vervul nie.*

*As NG Kerk hier Afrikanerkerk moes beteken, dan is ons nou nie meer die NG Kerk nie.*

*Die tweede vraag is of die kerk oop is vir almal en of die kerk oorstroom is.*

*Dit is 'n baie hartseer vraag aan 'n kerk met 'n roemryke sendinggeskiedenis o.m. ook in Zimbabwe. Die vrug van die kerk se werk in Zimbabwe kan nie onderskat word nie. Hoe strook dit dat Christene wat dalk op een of ander manier help kersten het, nou bang is dat medechristene ook kerk toe moet kom? Moet 'n mens nie eerder bly wees as iemand kerk toe kom en selfs die kerk oorstroom nie?*

*Maar dit het nie gebeur nie. Daar het aanvanklik 'n klompie die eredienste bygewoon, maar vanweë die taal kon hulle niks verstaan nie. Selfs die Engelse gemeente in Harare het nie 'n nie-blanke lidmaat nie, ten spyte van die taal.*

*Die feit dat die NG Kerk min swart lidmate het, is nie gegrond op 'n rassegrondslag nie, maar is die uitvloeisel van 'n natuurlike proses. Daar is egter geen spanning nie, want die vooroordele is weg. Enige persoon is welkom om aan te sluit by die kerk.*

*Ds. Frans Fouché, CHIPINGE*

# DWALINGS UIT ALKANTRANT

*Ek glo nie jy het in SOW al kommentaar gelewer oor hierdie ingeslote produk uit Alkantrant nie. Ek loop dit telkens raak by NG-lidmate wat dit deur vriende gekry het, lees en pragtig vind.*

*Ek het al probeer verduidelik waarom daardie soort geestelike leesstof eintlik in die snippermandjie hoort, maar kry met volslae onbegrip te doen. Dit beteken dan so baie vir hulle!*

*Gister was dit iemand wat na haar man se dood dit van iemand gekry het om haar te troos. Toe ek, geskok, baie woordryk raak oor die boekie, was dit duidelik dat sy graag 'n kritiese ontleding van die inhoud sou wou hê. Wat ek nie oor die telefoon kon doen nie, behalwe om te sê dat daar genoeg dwaling, verdraaiing, gewone leuens en vroom bogpratery in is om 'n hele kweekskool te laat druip.*

*Dit ontstel my geweldig om soveel onvermoë om die waarheid van die leuen te onderskei by ou-ou NG-lidmate aan te tref. Wat het die dominee dan al die jare gedoen.*

*Wil SOW nie die voortou neem en die boekie omdop en teen die lig van Gods Woord hou en ontbloot vir wat dit is nie? Op watter vreemde maniere raak ons so onder ons kerkverbintenis tog weer heidene.*

*Mev. L. Potgieter, CLAREMONT*

Die geskriffie uit Alkantrant waarna mev. Potgieter verwys, is "Daelikse Woord". In die telefoongids is geen besonderhede nie, so ek kon nie vasstel watter beweging dit versprei nie. (Wie weet, laat weet asb.) Met mev. Potgieter is ek dit hartlik eens: Dis vroom bogpratery. As ek moet raai, sal ek sê dis familie van Scientologie (op sy slegste) of Morele Herbewapening — op sy beste.

Dit is 'n on-Christelike geskrif, in dié sin dat hoewel die Bybelse name daarin voorkom, die *kruis* en *soenverdienste* van Christus in *geen enkele opsig* daarin funksioneer nie. Dit is 'n heidense geskriffie in die sin dat die grondpatroon, dagstukkie vir dagstukkie, *panteïsties is. God is in ons.* Ons en God word een. "Ek is 'n geestelike wese, en ek leef in die ewige lewe van God." (20.9.87)

Verder is dit van die goedkoopste sielkunde wat ek nog gesien het: Die kliënt word net vertel dat hy geen probleme het nie, dat hy in volkome harmonie met alles is, en dan moet dit maar net so wees. Omdat Alkantrant se boekie so sê. Van die stryd van die gelowige waarvan die Bybel praat, het Daelikse Woord nog nooit gehoor nie. "Ek kies om vandag vrolik en bly te wees." (19.9.87)

En as jy die egte stryd nie raaksien nie, kan jy geen egte troos bied nie.

---

# VASTE VRAERUBRIEK?

*Dit was 'n verfrissende nuwe uitgawe van Swart op Wit (Julie '87) wat ek nou net neergesit het. Hoofsaaklik omdat ek daarin die vrae en antwoorde gevind het van 'n jong opkomende, post-christelike geslag wat die dinge van die voorvaders nie meer voetstoots aanvaar nie, maar selfs radikaal bevraagteken en vervang met 'n tipiese moderne antwoord.*

*Dankie vir jou nuut-geformuleerde antwoorde. Kan ons nie elke slag sulke vrae en antwoorde kry nie? Ek bedoel: Kan Swart op Wit nie 'n vaste rubriek of vraebus hê waarheen die ouens soos die Dagbreek-student kan skryf nie? En kan ons dan nie 'n kompendium antwoorde bymekaarkry om die soms onnadenkende en aanmatigende vrae van ons moderne jeug eens en vir altyd hok te slaan nie?*

*Ons het tog die waarheid leer ken, en die waarheid het ons vrygemaak.*

*(Ds.) Bertus vd Westhuyzen*
*BLOUBERGSTRAND*

'n Poging word aangewend om álle briewe met vrae (en aanvalle) te beantwoord. Ongelukkig beskik ons nie oor die personeel wat kan sorg dat hulle kom nie. Ons beskik wel oor die *lesers* wat kan stimuleer?

---

# Sekerheid

'n Mens het nie eers sekerheid nadat jy die Here aangeneem het nie, jy neem die sekerheid aan.

# Gebed voor die erediens

( na 'n verkiesing en voor die doop)

Here, ons God -
Na die gewoel van die week is dit salig om stil te word in die gebou wat gebou is rondom u Woord; hier waar ons almal één is. Maak dit asseblief stil in ons harte. Maak ons eensgesind ontvanklik vir u Woord. Bewaar die prediker en ons gedagtes van dwaling. Dankie dat *U* ook verkiesing gehou het; voor die grondlegging van die wêreld al; dat U óns kant gekies het, vóór ons goed of kwaad kon doen. Dankie dat U dit vanoggend gaan demonstreer met klein Andries en Marthinus Everdt. Versterk ons geloof daarmee en maak stukkende harte heel. Maak van hierdie diens 'n ware erediens. Tot ú eer, en om Jesus ontwil. Amen.

# APPÉL EN GELOOF

Miskien sal ons groot vordering in die kerk in Suid-Afrika kan maak as ons duideliker kan insien dat die evangelie 'n appèl maak om geglo te word. Om dit konkreet voor te stel: Ons moet opsy staan en waarneem hoe 'n verkondiger (A) aan 'n hoorder (B) die blye boodskap oordra.

A: "Jesus het vir al jou sondes op Golgota gesterf."

B: "Kan dit werklik waar wees?"

A: "Dit *is* waar. Op gesag van God sê ek vir jou dit is waar. Glo jy my?"

B: "Ja, ek glo."

A: "Staan dan op uit jou siniese (of vreesagtige) bestaan. Jy hét 'n toekoms."

* * *

Dit is 'n oorvereenvoudigde rollespelletjie, maar dit kan help.

Die waarnemer wat ook die evangelie van nuwe hoop wil gaan verkondig, moet nou net nie dit wat hy sien gebeur het, deurmekaar maak nie. Hy moet die *evangelie* gaan preek, nie die gebeurtenis wat hy waargeneem het nie.

> *Ons sal veel meer duidelikheid oor die evangelie kry as ons nie die gebeurtenis rondom die aanhoor van die evangelie verkondig nie, maar die evangelie self.*

Hy moet dus, met dringende geesdrif, vir wie maar wil luister, gaan vertel dat Jesus vir sy sonde op Golgota gesterf het. Hy moet dit geloofwaardig vertel — om geglo te word, en om nuwe hoop te wek, wat moeë mense laat opstaan.

Hy moenie die kar voor die perde span nie; hy mag nie die evangelie op sy kop omkeer nie. Hy kan nie begin by die opstaan, dan by die geloof kom, en dán eers by die redding nie.

Want dan verkondig hy nie die evangelie om geglo te word nie, hy rig iemand af. Hy vertel hom wat hy konkreet moet doen om gered te word. Dan sal jy ook vind dat hy met die geloof verleë raak, en kort voor lank met die sektes saam sê: Geloof alleen is nie genoeg nie.

Hy begin dus die *gebeurtenis* verkondig in plaas van die evangelie, omdat hy die gebeurtenis nie mooi verstaan het nie.

# 'n Lyk in die kerk

Met huisbesoek sê iemand: "Dominee, elke mens het maar 'n lyk in die kas."

En dis so waar! Die belangrikste lyk in ons kas is Jesus Christus van Nasaret. Ons het Hom doodgemaak. Ons sonde. Dit is ons sonde — dat ons Hom doodgemaak het.

Maar die wonder van die kerk is dat daardie kas in die erediens oopgemaak word — en die lyk is weg! Hy het opgestaan. Nóg 'n wonder is dat die kerk sy liggaam is, maar nie die lyk nie, die verheerlikte liggaam wat asemhaal met sy Pneuma, sy Gees.

Wat 'n genade; die gemeenskap van die heiliges. Ons kan praat en bid oor ons sonde, oor die lyk in die kas; én oor dié Lyk wat ons van al die ander lyke gered het.

# GESPREK MET DANIE STEYN ET AL.

Die evangelisasiesentrum Bet-Elim lê binne ons gemeentegrense. Om eerlik te wees: Dit maak die lewe vir ons nie makliker nie. Die ring doen navraag en die sinodale kommissie leer en aktuele sake, en baie gemeentes van oraloor. Hulle wil weet wat gaan daar aan.

Die eienaar is 'n snydokter, nie 'n teoloog nie, maar hy word ondersteun deur gelegitimeerde predikante van die NG Kerk wat, soos hy, meen om die "evangeliese vleuel" in die NG Kerk te verteenwoordig. Hy is 'n lidmaat van die NG Kerk en hy wil een bly hoewel hy ewe tuis is in die Nuwe Protestantse Kerk — waar hy ook preekkonsente het.

Wat dit so moeilik maak, is: hoe hanteer jy dié "privaat kerk" in die gemeente? Jy slaan tevergeefs die kerkorde na, want in die Gereformeerde kerkreg bestaan nie so iets nie.

> *Hoe pas jy art. 10 van die Kerkorde toe sonder om 'n klag by die ring teen die betrokke predikant te lê — as jy die aansoek afkeur?*

Aan die ander kant kan jy tog ook nie 'n man verbied om 'n (kolossale) "konferensiesentrum" op sy kleinhoewe op te rig nie. Jy kan wel, kragtens art. 10 van die Kerkorde, beheer uitoefen oor wie daar optree, maar hoe verbied jy nou 'n gelegitimeerde NG predikant? Op watter gronde? As jy sê hy bedien die evangelie nie suiwer nie, moet jy ook die moed hê om 'n klag van leerdwaling by sy ring aanhangig te maak?

* * *

Ewenwel, in Oktober hou Bet-Elim toe weer 'n "konferensie" en ek gaan die opening en die afsluiting bywoon. Die berig versprei, en kort voor lank sit ek, na die afloop, by die dokter in die sitkamer saam met ds. Danie Steyn van Radio Kansel en 'n kapelaan van die Poskantoor, ene ds. Leon Redelinghuis.

Die een ding lei tot die ander en dis een woord op die ander, en ds. Steyn sê:

* Die Here het ons geskape met 'n wil en 'n verantwoordelikheid, en dis ons verantwoordelikheid om uitdruklik vir Hom te kies.

* Ek sê maar toe kies ons van Adamstyd al die kwaad en die mens bly nog konsekwent verkeerd kies.

* En Danie Steyn sê: Dan is jy inkonsekwent. As die mens kan kies, kan hy kies. Waarom sê jy hy kan nie kies nie, en dan sê jy hy kies verkeerd?

* Ek sê maar dis tog nie inkonsekwent nie: Die mens is verslaaf aan die sonde, daarom kies hy konsekwent verkeerd. Hy kan nie reg kies nie. Sy wil is nie vry nie.

* Danie sê ek verstaan nie. Daar is twéé groot waarhede, twéé punte van die tou wat oor die balk hang. Twéé spore, soos Veldkamp sê (in Beslagen Vensters) waarop die trein ry. Die een is God se verantwoordelikheid en die ander die mens s'n. Daarom druk hy, Danie Steyn, die mense op hulle verantwoordelikheid.

* Ek sê dit werk nie so nie. Die doop en die nagmaal sertifiseer...

* Hy sê: Moet ek my dogmatiekboeke opskeur?

* Ek sê nee, jy moet hulle begin verstaan.

> *Dis vreemd dat mense wat die formuliere en belydenisskrifte afmaak as mensewerk opsigtelik so tuis is by Bet-Elim. Of is dit nie so vreemd nie?*

* Hy vra of ek ooit mense na die lig bring, resultate behaal?

* Ek sê ek laat dit vir God om te besluit.

* Hy sê hy sal vir my bid — dat die romantiek van siele te red ook na my sal deurbreek.

* Ek sê ek sal vir hom ook bid. En ek dink hy moet vir homself ook bid.

* Hy sê: Waarvoor? Ek het al tot bekering gekom.

* Ek sê: En ek nie?

* Hy sê: Jy getuig nie daarvan nie.

* Ek sê dit is nou net wat ek aan die begin gesê het 'n mens nie met prediking moet doen nie – om te sê jy het al gearriveer, en sal die toehoorders nie ook maar doen wat jy gedoen het nie?

* * *

Toe gryp pastoor Leon Redelinghuis van die Vrye Baptistekerk Waverley, en van die Poskantoor, my. Hy sê hy kom nou eers agter wie ek is en hy het die Trojaanse Perd gelees en dáár gesmyt en ek beweer dat die (kinder-)doop mens red (ek sê dis nie waar nie), daar is honderde mense wat my so verstaan, en ek kan tog nie beweer hulle is almal verkeerd nie? Ek moet luister! (Ek sê daar is heelwat wat met my saamstem?) Hy sê ja daar is baie wat waardering het vir jou standpunt want jy sterk hulle in hul kwaad; jy sê hulle kan maar in hul sonde bly – hulle is klaar gered met die doop. Toe ek dit weer ontken dat ek sê die doop red, vra hy: wat sê jy dan? Ek sê ek sê niks anders as die doopformulier nie (want ek dag hy's 'n NG dominee), en hy raak driftig en hy sê dis *mense*-werk, ook die belydenisskrifte! Net die Bybel! Net die Bybel!

En nog 'n klomp dinge.

Uiteindelik bedaar hy en belowe om 'n resensie te skrywe van Die Trojaanse Perd. Nie dadelik nie, maar so spoedig moontlik. Ek belowe om dit onverkort te publiseer.

Maar nou dat ek agterna agterkom hy is 'n baptis, is my geesdrif bietjie minder. Vanselfsprekend sal hy van die Trojaanse Perd verskil. Wat my net bly pla, is die vraag waarom hy so radikaal van Die Trojaanse Perd verskil, maar tog so hartlik tuis is by Bet-Elim.

## Religieuse onmondigheid

Menslike aktiwiteit (vanuit doperse oogpunt) toon ten diepste nie agting vir God se beslag op die mens nie, maar vir die mens se religieuse mondigheid. So word religieusiteit die basis van die gemeente – wat bestaan uit religieuse individue.
(C. Trimp)

## Amper iets en die evangelie

Meermale in my lewe was ek al amper iets. Die Vader alleen weet waarom daar dan iets toevallig gebeur het wat die saak anders laat eindig het.

So, byvoorbeeld, het 'n hoogleraar – toe dit bekend word dat ek, weens omstandighede buite my beheer, liewer nie praktiese bediening toe sal gaan nie – my 'n pos in sy departement aangebied, mits ek nóg 'n honneursgraad verwerf, wat ek gedoen het. Toe beveel hy my egter vir 'n ander pos aan, en beveel die pos by my aan, wat nie universitêre sekuriteit, status en voordele had nie, en wat bitter harde jare tot gevolg gehad het.

Ondanks die gevolge, is ek baie bly dat ek daarna noodgedwonge tog maar praktiese bediening toe is, want dit het my ook laat begin skryf.

Toe vra die redakteur van een van ons grootste tydskrifte my om vir hom te skryf, na hy my sy tweede beste vriend genoem het. Maar na net twee komiese los essays – waarvan een deur 'n nog beter vriend van my met dié van Guy de Maupassant en Herman Charles Bosman vergelyk is – is publikasie van reeds aanvaarde bydraes summier gestaak, hoewel die vergoeding vir die ongepubliseerdes nie teruggevra is nie.

Ek kon dit hoegenaamd nie begryp nie, en my vriend het dit nie verduidelik nie, en weggepraat. Tot ek 'n jaar later skielik verstaan het. Saam met my het die vriend se beste vriend ook in sy tydskrif begin skryf, maar dié vaste rubriek moes beëindig word weens kritiek op die ondeskundigheid daarvan. En hoe kan jy nou van 'n man verwag dat hy sy beste vriend se goed sal stop en nie sy tweede beste vriend s'n nie.

Ek vertel hierdie verhaal nie net om te spog nie, maar ook om lesers mee te bemoedig. Dalk was sommige van u ook al amper iets. Ek dink mens verstaan Heb. 11 en die evangelie beter so.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 4/1 JANUARIE 1988

# DIE HART VAN GOD

Het jy al gedink wat God van jou dink? Het jy al doodeerlik, waar jy alléén is, gaan stilsit en gedink wat God van jou dink?

Ek moet eerlik sê dat ek te bang is om dit te doen.

Ek is dikwels te bang om stil te gaan sit en eerlik te probeer dink wat die *gemeente* van my dink, wat nog te sê God.

Dit is één ding om vir die gemeente te vertel dat God hulle liefhet, maar dis 'n tweede ding om dit vir jouself te vertel, en dit te glo.

Wat dink God van jou? Wat dink jy wat dink God van jou? God wat alles van jou weet.

* * *

Hosea (11:1—9a) antwoord hierdie vraag op 'n byna ongelooflike manier.

Hosea skryf neer wat God dink. God dink hardop, Hosea hoor dit, en Hosea skryf dit neer. Wat God dink oor Israel en oor jou.

Toe hy nog 'n kind was, 'n baba, het Ek hom al liefgehad. Ek het hom laat doop en daarmee het ek swart op wit gesê dat Ek hom van die slawerny van die sonde gered het. Hy sou verdwaal het in die nag van die sonde, maar toe het Ek hom uit dié duisternis geroep na my wonderbare lig. Ek het hom laat groot word met die geroep van sy doop in sy ore.

> *Het jy al werklik eerlik gaan stilsit en jouself afgevra wat God regtig van jou dink?*

Maar toe die versoekings van hierdie wêreld hom roep, het hy sy rug op My gedraai en die gode van hierdie wêreld gaan dien.

Selfsug, gemaksug, genotsug, eersug, geldsug, weeldesug, magsug, wellus, hebsug, grootheidswaan, egoïsme, onbarmhartige wraaksug.

Ek self het Efraim, Israel, en elke kind in die kerk leer loop, *Ek* het hulle op my arms gedra — maar hulle wou nie erken dat dit Ek is wat vir hulle sorg nie. Met die lippe soms ja, maar nie met die hart nie. Diep in hulle harte het hulle geglo dat hulle sélf so sterk is, en as hulle tweede kom, het hulle vertel dat hulle net ongelukkig was, of veronreg.

Hulle het dit gedoen met die tydelike dinge van hierdie lewe — sport, erkenning, geluk, gesondheid. Hulle het skaars gedink aan die wonder van hulle ewige verlossing wat Ek met die doop gewaarborg het.

> *As God hardop dink, sien ons binne in sy hart in. Dan is daar geen kans dat ons Hom nog êrens verkeerd kan verstaan nie.*

Ek het hulle met sorg en liefde gelei. Ek was vir hulle soos iemand wat die juk oplig as dit die skof deurskaaf. Ek het na hulle toe afgebuk en hulle gereeld kos gegee — water uit rotse, manna op die duine, kwartels in die lug, handreik ver. Op Kersfees het Ek hulle die Brood van die Lewe gegee, verniet. Want al wou húlle, *Ek* wou nie hê dat hulle weer na Egipte toe moet gaan nie, of dat Assirië of Rusland oor hulle moet heers nie.

Maar hulle het geweier om hulle te bekeer. Hulle het van My af omgedraai na die afgode toe, hulle rug op My gedraai, en hulle het geweier om hulle rug op die afgode te draai. Om die waarheid te sê, hulle het My gehaat. Hulle het hulleself liefgehad, o hulle het hulleself liefgehad tot die dood toe, hulle besittings en hulle geld, en hulle kamstige kultuur, maar hulle het die nederigheid van hart, wat die self kruisig, die mentaliteit van God, het hulle gehaat.

* * *

Daarom sal Ek hulle stede deur oorlog verwoes.

Luister wat dink God van jou, van julle, van ons.

Ek sal hulle waarsêers uitroei; hulle geleerdes, hulle wysneuse, hulle grootdoenerige deskundiges. En hulle skrifgeleerdes wat die Skrif verdraai om hulle

sak en hulle bas te pas. Ek sal hulle uitroei en vernietig. Hulle sal deur die oorlog verteer word oor die raad wat hulle gegee het.

Omdat my volk My verlaat het, sal hulle opgehang en verslaaf word. En hiérdie slawerny sal nóóit beeindig word nie. Dit sal 'n helse slawerny wees, tot in die verdoemenis toe.

Dít is wat God van sy besnede en gedoopte ongehoorsame kinders dink.

* * *

Maar nou gebeur die merkwaardigste ding in die gedagtes van God; die lewende God wat daarom ook 'n denkende God is al is sy gedagtes ook soveel hoër as ons s'n.

God bedink Hom.

Met alle reg het Hy gedink om die bose mense te vernietig; om hulle tot in ewigheid te vernietig.

Maar nou kan Hy dit nie oor sy hart kry nie; want hulle is sy kinders.

Eers het sy neerbuigende liefde, sy afbuk en met die hand kosgee die verskriklikheid van hulle boosheid belig en beklemtoon. Hulle verraad. Hulle ondankbaarheid wat ten hemele skrei, en wat maak dat 'n mens nie anders kan as om hulle te verdelg nie.

Maar nou word dieselfde sorgende liefde, die met-die-lepeltjie-voer, word dit die rede waarom God dit nie oor sy hart kan kry nie.

"Hoe kan Ek jou prysgee, Efraim? Hoe kan Ek jou laat vaar, Israel? Hoe kan Ek jou vernietig? Hoe kan Ek met jou maak soos met Sodom en Gomorra?

"Ek kan dit nie oor my hart kry nie (v. 8). My liefde brand te sterk." Die Ou Vertaling sê: "My hart is omgekeer in My."

Ek het jou dan uit Egipte, uit die slawehuis, geroep. Toe jy nog 'n *kind* was het Ek jou in liefde gedoop. Ek het jou leer loop. Ek het jou op die hande gedra. Ek het hulle met sorg en liefde gelei. Ek het na hulle afgebuk en hulle gereeld kos gegee. Want Ek wou nie hê dat hulle weer slawe van Egipte en van die sonde moet word nie.

Hulle is my kinders.

Daarom kan Ek dit nie oor my hart kry nie.

* * *

So dink God hardop en by Homself oor sy volk, en oor jou — en my.

Ek kan dit nie glo nie. Dit is te goed om waar te wees. Ek het dan, in die aangesig van die kruis, God se liefdeswet oortree. Dit was so goed asof ek Christus in die gesig gespuug en weer gekruisig het.

Maar dit móét waar wees. Hier staan dit in die Bybel. God sê so. En dit kan nie 'n vergissing wees nie, want dit is nie maar 'n opinie van 'n sekere Hosea, die seun van Beëri nie; ook nie van die pre-

## Trouportret

*Na soveel jare*

*Tussen toe en nou*
*lê veel berou*
*en baie keer*
*se pyn en seer*
*en nagtelike trane*
*wat later spyt*
*laat week*
*tot stil gelatenheid*

*Tussen nou en dan*
*lê veel verlang*
*na al wat kon*
*soos suiwer son*
*se silwer strale*
*bloeisels baai*
*tot blom*
*tot vrug wat nie*
*tot wasdom kom*

*Tog dan en wan*
*soos diamant*
*of soos 'n vlam*
*wat brand*
*in nagtelike donker*
*lê in die tyd*
*oomblikke*
*van ewigheid*
*en flonker*

(Jarre Woton)

diker nie: Dit is God self wat praat. Met Homself. Ons kyk in sy hart in. Ons hoor presies hoe Hy oor ons dink.

Dáárom het Hy sewe eeue later ons skuld op Golgota laat betaal. Omdat Hy dit nie oor sy hart kon kry nie, het Hy ons van die hel gered met die dood van sy Seun.

En tog, op 'n ander, vreemde manier, was Golgota ook 'n herhaling van Hosea 11.

Die volk van God, die kinders van God, het die Seun van God doodgemaak terwyl hulle sê hulle het net één koning, en dit is die heidense keiser in Rome.

As daar ooit in die geskiedenis rede was om die ganse mensdom met één veeg van die aardbol te verdelg.

> *Golgota was 'n vreemde wrede herhaling van Hos. 11 en ondanks Hos. 11. En tog het God sy kinders teen alle meriete in bly liefhê.*

Maar toe het God met God gepraat. Hy het gesê: "Vader, vergeef hulle, hulle weet nie wat hulle doen nie." En: "Dit is volbring."

* * *

Hoe kan God dít doen? Hoe kan God mense liefhê wat haters van mekaar is, en moordenaars van God; mense wat net hulleself liefhet? Hoe kan God iets van ons dink, terwyl ons niks is nie?

Omdat Hy God is, en nie 'n mens nie. *Mense* vergeld kwaad met kwaad; mense vergeld selfs goed met kwaad. Maar God is nie 'n mens nie. Hy sê dit sélf só: "Want Ek is God; Ek is nie 'n mens nie." (9a) Goddank God is nie 'n mens nie.

Sal u dit nie asseblief onthou nie? Toe God u al u sonde vergewe het, het Hy u ook die moord op Golgota vergewe.

God dink van u iets nie omdat u iets is — omdat u so mooi vroom is — nie. God spaar en bewaar u omdat Hý liefde is; om Christus ontwil.

# Bitter Beker

*Jou stem lui 'n helder klok*
*van nuwe skep*
*en skok my sonde oop*
*jou diep verstaan*
*beroof my van die hoop*
*om veilig in my fort*
*te rus*
*jou krag verdryf die droom*
*wat my wou sus*
*dat ek magtig in beheer is*
*En dwing my op my knieë neer*
*om teen my sin te bid*
*o Heer: laat hierdie beker —*
*mý wil — verbygaan*
*dat ek uit wat verby is leer*
*dat niks so seer is*
*soos wat kon gewees het*
*Heer*

# In die bresse

Iemand waarsku my welmenend op die sinode dat ek my nie moet assosieer met 'n groep jong turke nie. Ek antwoord: Ek ken die gevaar om gebruik te word. Jy is bekend as iemand wat reguit is en wat (oënskynlik) nie omgee as mense ewe skerp reageer nie. Dan kom die jongmanne en hulle vlei jou en hulle steek jou op, en op die ou end moet jý die kastaiings uit die vuur krap en vir die gelag betaal.

Maar daar is ook 'n ander kant aan die saak. Jy, en ander wat nie meer so jonk is nie, inspireer die jongmanne met en vir die suiwer evangelie, en hulle laat hulle inspireer, en staan op vir die saak. Hulle neem jou ernstig, en dan gaan hulle geloof oor tot dade. Maar omdat hulle jonk is, maak hulle miskien foute. Nou kan jy hulle nie in die steek laat — omdat jy jou oog op 'n pos of 'n posisie het nie? Dit kan jy tog nie doen nie.

Dit sal ek ook nie doen nie. Ek vermaan hulle tussen ons en ek sal hulle publiek tereg wys, maar as hulle in die warm water beland, sal ek hulle help.

Ek dink dit is Christelik.

# Die nag van die maal

Dit was nag toe Judas hom aan die Twaalf onttrek. Dit was nag toe die res Hom in die steek gelaat en gevlug het. Dit was nag toe Petrus vloekend gesweer het dat hy Hom nie ken nie. In dáárdie nag, sê Paulus, die nag waarin Hy verraai is, het Jesus brood geneem en hulle gevoed vir die ewige lewe. Met sy liggaam en sy bloed. In die nag van hulle sonde en ontrou, het Hy gesweer dat Hy hulle trou sal bly; was Hy vir hulle die Lig en die Lewe.

As ons nag-maal vier, moet ons die *nag* van die maal, die ete, nie vergeet nie. Ons kom ook met ons nag en donkerte na sy troos en versekering toe; met ons ontrou na sy trou; met ons sonde na sy vergifnis. Die nagmaal red ons nie. Dit vertel hoe Jesus ons op die kruis gered het, daardie dag ná die nag. Hoe groot is God se liefde.

---

# *NA AL DIE MOEITE*

Die kerk is 'n vreemde verskynsel.

Andries en Corné B. was eers ietwat wars van die groot gevestigde kerk waarvoor ek werk en huisbesoek doen, maar op 'n dag het hulle my ontbied. Of ek hulle sal help om van hulle priesters ontslae te raak?

Natuurlik. Hoe sal ek dit nie doen nie. Die Groot Gebod sê dan ons moet ons naaste liefhê en help. Daarom het ek op die aand wat die priesters die afspraak met hulle had, ook daar opgedaag en hulle teologies en logies verskrik en verwilder.

Die gevolg was dat ek Andries en Corné moes katkiseer, wat ek ook gedoen het.

Maar dit was nie 'n maklike taak nie. Andries was aan 't studeer by die Tek in die aande en elke afgesproke uur wat ek wou opdaag, het hy òf die afspraak gekanselleer òf soveel wyse vrae gevra dat ek hom kwalik kon verwyt dat hy die voorgeskrewe materiaal nie ken nie.

Sy vrae was vreem onbeantwoordbaar. Byna so vreemd en onhanteerbaar soos die vrae wat ek my ingenieurstudent-seun vra oor rekenaars en die programmering daarvan. "Waar is nou die kruis wat ons van weet vir ons lewe?", of iets.

Na 'n jaar en 'n half het ek hulle voor die kansel gehad. Gewoonlik neem dit net so drie maande vir volwassenes, maar met al die uitstellery was dit toe meer as 'n jaar.

Dit was baie mooi en treffend, die belydenisaflegging, en ek en die leierouderling het hulle hartlik gelukgewens met hulle volle lidmaatskap. Al veertig die mense in die aanddiens het hulle ewe hartlik, hoewel yl, toegesing: "Laat Heer u seën op hul daal..."

En toe gebeur net wat ek gevrees het. Hulle kom nie kerk toe nie. Selfs nie nagmaal toe nie. Na al die moeite wat ek gedoen het, al die maande, en na hulle belofte om kerklik mee te lewe, doen hulle dit toe nie.

Hoewel ek dit agter in my kop verwag het, het dit my diep hartseer gestem. Na al die moeite.

Toe ek en die ouderling van die wyk waarin hulle woonstel val, die aand omgaan, vra ek: "Braam, kom Andries en Corné-hulle darem kerk toe? En hy sê: "Nee, Dominee, nie sodat ek dit kon agterkom nie."

En ek sê: "Ons kan dit nie daarby laat nie. Die kerk is nie om mee te speel nie. Ons sal moet optree. As hulle nie wil luister nie, moet hulle onder sensuur kom. En as hulle dan nog nie wil luister nie, moet hulle uit die kerk geskors word. Die kerklike ban, jy weet..."

En toe dink ek: Na al die moeite. Eers versit ons hemel en aarde om hulle in die kerk in te kry, en dan weer om hulle daaruit te kry. Wat 'n wonderlike verskynsel is die kerk tog.

Maar ons het nog nie daarmee begin nie. Gelukkig gee hulle 'n goeie dankoffer as die diaken langs kom.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 4/1 JANUARIE 1988

# DIE MAN VAN IVOOR

**Hoogl. 5:10–6:3**

*5:14: "Sy lyf is soos 'n blok ivoor..."*
*5:15: "Sy bobene soos marmerpilare..."*

As ons met hierdie hoofstukkie klaar is, is ons twee Bybelbladsye van die einde af.

In die vorige aflewering het ons geëindig by koggelende klanke uit die hel: Wie dink jy is jy miskien? Wat is anders aan jou en jou minnaar dat jy so hoog kan opgee oor die liefde? Dat jy nie cool en blasé is oor die liefde soos die gemiddelde gebalanseerde mens nie?

En nou antwoord Abisag. Haar antwoord is hierdie keer nie 'n droom nie. Ek dink haar antwoord word gebore helder wakker met haar liefling in haar besitlike arms. Of miskien het sy die droom (in die vorige hoofstuk) poëties versin (dan was dit fiksie) om dié stukkie gedig oor die man van haar drome te skrywe. Die nagmerriekontras om die ek-kan-dit-nie-glo-nie werklikheid soos 'n standbeeld van marmer en ivoor uit te beitel.

> *Hoe sou sy gevoel het toe sy oor haar koorsige woorde teruggedink het nadat Salomo haar in die steek gelaat het?*

Wie die man is wat ek liefhet? Hy is een uit tien duisend (10), tien miljoen. Tussen duisende sal hy kop en skouers uitstaan, beter as Saul.

En dan rammel sy dit af: "Blakend gesond" – tussen al die blekes met hulle kroniese ipekonders – en daarom "blosend van kleur" (steeds v. 10). Sy voorkop soos suiwer goud." (11)

Merkwaardig hoe iemand begin lyk as jy hom liefkry. Jy sien net mooi. Ek vind dit natuurlik moeilik om liries te raak oor 'n mooi man, maar ek weet van hande wat jou hipnotiseer, van lag wat mooier as 'n klokkie klink, van elke trekkie wat enig is en wat jy soos geeste in die nag wil oproep om alleen in die donker na te kyk.

So word Salomo se gewone vleeslike songebruinde voorkop goud; sy haarlokke "soos dadeltrosse" (die golwe en die kartels); en "soos 'n kraai" die kleur. (11) Sy oë word ook "soos duiwe langs die spruite", duiwe in (mooimaak) "melk gewas". (12)

Interessant die vergelyking, die komposisie van duiwe en spruite. Duiwe langs riviere sal verdwerg, maar langs spruitjies word duiwe én spruite mooi.

En dan sy wange. Dít is waar my verbeelding begin te kort skiet. Ek kan my net my pa se wang herinner – wat nie liefde in jou wakker maak nie, net growwe troos oor die skokkende ding wat die dokter gesê het.

Vir Abisag is dit egter 'n segetog, want alles wat sy nou aan die leedvermakerige vroue vertel, spel besit. Ek wéét, omdat ek ervaar het, sê sy. Sy wange wat so lekker ruik, sy lippe soos lelies met mirredou. (13) En sy hande, soos stawe goud waarin die naels soos edelstene lê. (14)

Sy lyf is soos 'n blok ivoor. Sy weet. Sy het dit gesien. Want sy het hom besit, sy met haar boeremeisie-lyf, die koning van ivoor – soos sy troon – 1 Kon. 10:18. Die Hebreeuse woord vir "liggaam" dui meer aan as 'n lyf. Dit sinspeel veral op die teerste dele van die liggaam, wat sy net as vrou kan ken. En wat sy rond-uit vermeld om die katterige monde finaal te snoer.

Sy doen dit mooi. Wonderskoon. Maar hoe sou sy oor hierdie woorde gevoel het nadat sy Salomo verloor het? Hoogmoed wat voor 'n val kom? Dat 'n mens net van Gód se liefde doodseker kan wees.

En dan is daar sy marmerbene en sy goue voete (van klei). Hy lyk soos die Libanonberge (waar hulle wittebrood was) en soos seders net op 'n berg kan lyk. (15)

Weer terug na die soet mond (16), en 'n sug van

## Naastehaat

"Some of us hate niggers and some of us hate the people who hate niggers and it is all the same thing, anything to keep from thinking." (John Steinbeck)

## Van die kerk

Die telefoon lui:
"Kan ek met Ian praat?"
"Een wat?"
"Ian van Niekerk."
"Praat maar. Ek is een van die kerk. Ek is 'n predikant."
Toe gooi sy die telefoon neer...

---

liefdesekstase: álles aan hom is begeerlik. Van kop tot tone.

Só lyk die man wat ek liefhet, vroue van Jerusalem, my lewensmaat.

Nou sing die vroue 'n ander deuntjie. Die loflied van die liefde het hulle totaal oorweldig. Hulle dans nou na Abisag se pype; hulle sing die lied waarvan sy die toon aangee. "Waarheen is die man wat jy liefhet ... ons sal hom saam met jou soek." (6:1)

Hulle is heel uit pas uit. Hulle wil soek, maar hy is reeds gevind. Hy was nooit weg nie, dit was maar net 'n droom. Hoe sal my man soek raak? Hy het net 'n bietjie in die tuin gaan wandel, na sy spogskape gaan kyk, vir my lelies gaan pluk. (6:2) Hy kan letterlik en figuurlik sy skape tussen die lelies laat wei. Hy is koning. Hy kan álles. Ook omdat ek hom liefhet. Niks en niemand kan ons skei nie, ek is één met die man wat ek liefhet, en hy is myne. (6:3)

Hierdie woorde is net 'n variasie van die woorde wat die meeste in die Bybel voorkom: God se verbondswoorde: Ek sal vir jou 'n God wees, en jy sal vir My 'n volk/seun/kind wees. Die enigste verskil is dat liefdeswoorde wat mense vir mekaar sê, menslike woorde is, terwyl God s'n jou nooit in die steek laat nie.

Maar as mense hulle feilbare en brose (soms bose) liefde in Hom grond en altyd weer daarmee kruis toe loop, word die liefde die grootste, ook onder mense; die één ding wat bly as geloof en hoop nie meer nodig is nie.

---

## Swart en Wit

'n Koddige kennisgewing aan die muur van 'n Kaapse hotel, vertaal en taamlik opgepollux, lui so: "Ek is swart gebore. Op skool was ek swart. As ek siek is, is ek swart. Swart sal ek doodgaan.

"Maar jy, witman, jy was pienk toe jy gebore is, wit toe jy skool toe is. Jy word geel as jy siek is, bloedrooi as jy skaam is, bruin as jy in die son gelê het en blou van die koue. Jy skrik jou asvaal en stamp jou pimpel en pers.

"En jy het die vermetelheid om mý gekleurd te noem!"

## Fees van die dood

Ons is bang vir die dood. Ons probeer die dood uitstel, en nie daaroor praat nie. Maar in die kerk hou ons fees rondom die dood. Die Here se dood. Ons gedenk sy dood. As Hy nie gesterf het nie, het ons geen evangelie gehad nie. Sy sterwe was die hoogtepunt van sy lewe, en word dit ook van ons lewe. Want deur sy lyding en sterwe het daar vir ons wonde genesing gekom. Sy dood was ons lewe. Ons ewige lewe.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 4/1 JANUARIE 1988

# SKOON HANDE OOR VUILES

TE VOET DEUR DIE KATEGISMUS

**HK 14:35,36**

As die Kategismus die inhoud van die geloof van ons redding aan die hand van die Apostoliese Geloofsbelydenis behandel, kom hy ook uit by: *"Wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria"*, en dan vra hy gewoonweg wat dit beteken.

Ek het al soveel ingewikkelde preke oor die Kategismus gehoor en gelewer – en daarom gevrees toe ek dié reeks aangepak het. Maar ek verstom my by elke hoofstuk oor die eenvoud daarvan. Die probleem is, dink ek, dat 'n vraag en antwoord soos dié as 'n *verstands-* en *verstaansprobleem* aangepak word in plaas van as verkondiging van die evangelie.

As verstandsprobleem is dit dan die probleem van die twee nature van Christus en die menslike verstand worstel met die vraag hoe Christus tegelyk God én mens kan wees. (As die gewone verstand hoegenaamd, soos die dominee dalk, dit as 'n probleem ervaar.)

Die Kategismus, as jy mooi kyk, haal egter die debat uit die skool uit en gaan lees weer die verhaal van die Bybel.

> *Die probleem met die verstaan van die Kategismus is dikwels dat mense hom verstandelik wil verstaan in plaas daarvan om die evangelie wat hy wil verkondig te glo.*

Die ewige Seun van God, wat ware en ewige God is (Joh. 1:1 ens.) en gebly het (Rom. 9:5), het die ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria aangeneem. Die "werking van die die Heilige Gees" het dit moontlik gemaak met 'n maagd.

En dan kom die evangeliese toepassing: "So is Hy tegelykertyd die ware nakomeling van Dawid (soos beloof is) in alles aan sy broers gelyk..." Die argument is baie eenvoudig: As Hy in vlees en bloed 'n seun van die mens Dawid is, is Hy ons broer. Hy is een van ons. Maar dan voeg die Kategismus by: ("in alles aan sy broers gelyk) *behalwe die sonde."*

Ek noem dit 'n toepassing en dit is dit ook, maar die Kategismus vereenvoudig nog meer. Dit is net moontlik dat 'n katkisant die toepassing nog nie verstaan nie. Daarom vra hy: Watter "nut", watter *voordeel* trek jý hieruit? Uit hierdie sondelose ontvangenis en geboorte van Christus?

En dan lees hy wéér die Bybel. Dawid, die "broer" van Jesus het na die episode met Batseba dit uitgeklaag dat hy in sonde ontvang en gebore is. Hiérdie sonde, sê die Kategismus, waarin ons álmal ontvang en gebore is – behalwe ons Broer, Jesus – het Jesus "met sy onskuld" en met sy "volkome heiligheid ... voor God bedek".

Jesus het ons vuil hande met sy skoon hande vir God toegedruk – sodat God dit nie meer moet sien nie. Hy het as "ons Middelaar" in die middel tussen ons en God kom staan, en die toorn van God afgekeer.

* * *

So eenvoudig is dit.

Maar as geleerde (bv. Roomse) teoloë jou op 'n geleerde manier aanpak oor hierdie eenvoudige evangelie, kan jy jou ook teologies verantwoord. Ons word vandag, selfs in eie geledere, verdink van "objektiwisme"; dat die heilsgebeure buite ons om en sonder ons plaasvind. As jy nou van objektiewe teologie wil praat, sê Noordmans, moet jy die Apostolicum lees. Alles gaan net oor wat Vader, Seun en Heilige Gees gedoen het. Maar die Kategismus *betrek* dit op ons – nie deur te vra wat ons nog moet by-doen om gered te word nie, maar deur te vra: "Wat *baat* dit jou; watter nut het dit vir jóú.

Ons het nie 'n heidense geloof waarin al die drama tussen die gode op die berg Olimpus plaasvind nie. Ons het 'n geloof waarin God in sy liefde Hom in Christus met ons versoen, en dit dan aan ons voorstel op 'n menslik-verstaanbare manier – sodat ons baat daarby kan vind.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 4/1 JANUARIE 1988

# DIE ONDERNEMER

Studiegedeelte: Mark. 1:2–8; Matt. 3:1–12; Luk. 3:1–20

*Mark. 1:2,4: "Kyk, Ek stuur my boodskapper voor jou uit. Hy sal die pad vir jou regmaak. Só het Johannes die Doper in die woestyn opgetree."*

Johannes die Doper is 'n ruwe figuur in 'n ruwe tyd met ruwe heersers, aan die begin van die Nuwe Testament. Iets van 'n ongeslypte diamant. Kameelhaar, soos growwe sak (vermoed ek), 'n osriem vir 'n gordel, sprinkane en wilde heuning – wat kaalhand tussen die stekende wilde bye uitgehaal moet word.

En dan sy skerp woorde – wat dalk nie so skerp is soos wat ons soms dink nie. Dit was immers die evangelie wat hy verkondig het.

*Jesus het Johannes se nasareense eetgewoontes nie nagevolg nie.*

"Kom tot inkeer. Die koninkryk van die hemele het naby gekom. "Ek kan nie dink wat hieraan 'n vreesaanjaende kleur gegee het nie. Waarskynlik die optrede van sektedrywers wat mense met vrees tot geestelike verwaandheid wil bekeer. Draai maar om. Moenie meer vir God bly wegvlug in wanhoop en uitspattighede in nie. Moenie meer bang wees nie. God is nou nader as ooit – sedert die paradys. As julle berou het, sal God vergewe. Nie as julle betaal nie, as julle maar net jammer is. Berou is wel 'n bewys van skuld wat die skuldeiser die reg gee om te straf of te prosedeer, maar God sal dit nie doen nie, Hy sal vergewe. Later, dit kon Johannes, selfs Johannes, nie voorsien nie, sou God die sonde selfs sonder berou betaal en vergewe. Die Authorised Version vertaal "bekeer julle" met "repent", 'n vertaling wat Broadus "the worst translation in the New Testament"noem. Letterlik staan daar in elk geval net: draai om; verander, want die hemel het naby gekom.

Sonder die hemel kan die aarde nie lewe nie, sê Noordmans. "Wie hierdie dimensie uit ons bestaan wegdink of verwaarloos, maak 'n einde aan ons saak. Dit gaan met hom soos met die amptenaartjie in Kafka se Die Verwandlung, wat homself een oggend in die bed aantref as 'n plat skaaldier. En as sy plat-word voltooi is, word hy met 'n besem opgeruim. Hierdie stukkie wysheid ken die heidene ook. Maar wat húlle nie weet nie, is dat ons die weg na die hemel nie kan vind as God nie eers in sy groot nederigheid uit die hemel op die aarde neerdaal nie. Dat God dit wel gedoen het – dít is die verhaal wat Johannes die Doper aan Israel vertel." (V.W., 8/247) Johannes is die herout van dié nederige Koning; Johannes met sy baar klere.

* * *

Die evangeliese strekking van Johannes se woorde word gestaaf deur die aanhaling van Jesaja se woorde. (Luk. 3:4) Juda was in ballingskap, weggestoot van die aangesig van God, sonder hoop en sonder God in ballingskap. Maar dan verkondig Jesaja die blye boodskap: God gaan sy volk in Babel haal. En dan gaan Hy voor hulle uit loop na die Beloofde Land. Maak vir Hom 'n pad in die woestyn! Stoot 'n pad gelyk, en maak krom paadjies reguit. Al die mense sal die verlossing sien wat van God kom.

Dis tog 'n blye boodskap. Hoe op aarde kan mens dit aangryp om elke helder lag te smoor? Om briefies uit te stuur wat sê ons moet op 'n plek bymekaar kom waar ons in sak en as gaan sit, en sal ek asseblief my eie sak en as saambring.

En tog het Jesus self ook 'n ietwat somber prentjie van die woestynmens geskilder. In Luk. 7:32 sê Hy Johannes het 'n klaaglied gesing, maar niemand wou huil nie. Hy sê iets soos dat die mense was soos kinders wat weier om begrafnis-begrafnis te speel, met Johannes as die ondernemer. Hy sê dit egter nie van Johannes se woorde nie, maar van sy asketiese kleredrag en nasareense eetgewoontes – wat Jesus nie nagevolg het nie.

* * *

En dan vertel die evangeliste van die mense se reaksie. Dieselfde mense wat later eers aan Jesus sou glo, en Hom daarna sou kruisig. Onthou dat Johannes die Doper ook staan in die ry van die goddelike getuies wat getuig wie Jesus is. 'n Egte waarheidsprofeet wat die mense alle verontskuldiging sal ontneem. As hulle vergeet het wat dertig jaar tevore deur herders, wiggelaars en engele getuig is, wel, hier is nou weer 'n profetiese herinnering. En tog het hulle Hom gekruisig. Hulle het Hom nie aangeneem nie. En die ergste is dat die vroomstes die leiding geneem het by die moord.

*Bekering is nie die doen van 'n paar goeie dingetjies en die los van 'n paar slegtes nie.*

Juis tot hierdie vromes rig Johannes hom nou. Addergeslag, sê hy, wat laat julle dink dat julle die toorn wat aan die kom is, kan ontduik?

Hieroor sal ons twee maal moet dink. Hoe kan Johannes oor die komende oordeel praat terwyl Jesaja, wie se woorde hy vervul – dit is: 'n dieper dimensie daaraan verleen – oor die verlossing praat, en oor die einde van die toorn? Al wat ek kan dink is dat Johannes hulle wettiese en verwaande instelling ken en aan die kaak stel. Julle dink mos mens ontvlug die toorn en die oordeel met selfgefabriseerde vroomheid. Julle is so glad en giftig, so geslepe soos slange, 'n geslag van adders, witgepleisterde grafte.

O, julle is kinders van Abraham? Vrome wetsgetroues? Mense met 'n aanspraak op die hemel omdat julle al 613 wette van die Bybel hou? Ag, God kan meer met klippe doen as met julle. Dra liewer vrugte wat by die bekering pas.

Hoe kan Johannes dit sê van die getrouste en vroomste kerkmense? Egte goeie mense? Ek dink hy kan dit sê omdat bekering juis 'n wegdraai van jouself af is, en omdat hoogmoed die oorsprong van die sonde in die paradys is. "Bekering" tot die doen van 'n paar goeie dingetjies en die laat van 'n paar slegtes, is nie bekering nie, nie omdraai na God toe nie. Dit is 'n inkeer in jouself. Werke wat by die ware bekering pas, is werke waar die linkerhand nie eers weet wat die regterhand doen nie; en dan nie in dié sin dat dit veelseggend geheim gehou word nie. Die linkerhand weet nie omdat hy dink die regterhand verbrou ook maar soos hy. As die Here sê dankie vir die korsie brood, dankie vir die koue water, dan is die linker- en regterhand ewe verbaas.

Buitendien, sê Johannes, die byl lê al teen die wortel van die bome. Wat kan julle tog nog doen met klein menslike regstellinkies. Muggies uitsuig. Dis te laat. Die koeël is deur die kerk. Die hel is al wat nog oorbly.

Behalwe as Jesus...

Tot God bekeer, is om jou tot Jesus te bekeer. Hy is die allerlaaste toevlug. Die Lam van God wat geslag sal word, die Boom wat gevel sal word – om die bos te red.

* * *

En dan vra die mense tog maar weer, nes vandag, wat hulle moet dóén. (Luk. 3:10) Ons wil iets dóén. Dis tog onmoontlik dat ons die hemel kan kry sonder om iets te doen. En Johannes sê, in feite, dat hulle niks moet doen nie. Tollenaars moet bly tol (net eerlik), en soldate kan maar bly veg. Die bedoeling is dus nie dat alles gelos moet word vir die groot wedloop hemel toe nie. Net: as jy rus na jou harde dagtaak, deel jou toebroodjies, en as dit koud is, jou jassie. Dink aan die barmhartigheid van God. Aan hoe God jou begenadig het. Aan hoe Hy die hemel nader gebring het toe jy al die eeue deur maar nie kon bykom nie. Genade man. Genade is waaroor dit gaan.

*As 'n mens profeties durf praat oor die komende koninkryk, stuur die establishment jou maklik tronk toe (of kap jou kop af.)*

Ek weet nie of Johannes dit presies so bedoel het nie. Maar nadat die kruis op Golgota gestaan het, en na Pinkster, lees ek dit so. Johannes sou later twyfel aan sy eie woorde – naamlik dat hý nie die Messias is nie, goeie genugtig, dat hy maar net met water doop, maar dat Jesus die een is wat sou kom. Later sou hy, as gevangene in die tronk sy dissipels stuur om aan Jesus te vra: Is U die een wat sou kom, of moet ons 'n ander verwag? (Luk. 7:19) Ek het dan vir die mense gesê U gaan die dorsvloer deur en deur skoonmaak, en nou lyk U soos 'n dienskneg, 'n bediende? Met 'n skop in die hand.

* * *

Die verhaal van Johannes die Doper is nie in die Bybel opgeneem om Johannes se ontwil nie, maar om Christus ontwil. Die tragiese einde van Johannes, die dapper herout met die evangelie in sy mond, is vóórspel op die kruis. As 'n mens durf

praat oor die komende koninkryk, gaan jy maklik tronk toe. Mense wat net belangstel in hulle huidige koninkrykie stuur jou soontoe.

Dít is wat gemaak het dat Jesus, toe Hy hoor van die onthoofding van Johannes, in 'n skuit geklim het en na 'n stil plek gevaar het om alleen daar te wees. (Matt. 14:13) Net soos wat Hy alleen sou wees op die heuwel van die skedel, omdat Jerusalem eers hosanna skree, en dan sy eie profete doodmaak.

## Voëls

Anders as my kinders het ek baie dinge nie verstaan toe ek 'n kind was nie. Dit het my baie lank geneem om te begin verstaan wie en wat ek is. Eers toe prof. Willie Jonker in 1979 sê ek is nie 'n akademikus nie, het ek sy aanbeveling opgevolg en ernstig en openlik begin skryf. Eers was dit 'n skok, maar later 'n geweldige bevryding — waarvoor ek hom diep dankbaar bly.

As kind het ek ook nie besef watter rol voëls in my lewe speel nie. Ek het nie besef dat so baie mense voëls byna nie hoor nie.

Nou woon ek in 'n voëlparadys, en die 13de Oktober was die Piet-my-vrou terug. My ore soek die hele dag na hom en ek is jaloers op die mense nader dam en rivier se kant toe waar dit ruier is. Ek kon nie wag om Desember weer op Ventershoek te kom nie waar die Piet-my-vrou minstens een maal per dag in die saffraanpeerbome bokant die karavaan kom roep. Die vorige Desember het ek en Annatjie drie ure lank met die kamera en telefotolens vir hom sit en wag, en toe hy kom, neem die flits se liggie 19 sekondes voor hy gereed wys, en toe vlieg my Piet-my-vrou.

Ek is nou nog jammer dat my opstelletjie oor Cuculus Solitarius en Christus Solitarius eers na middernag op die TV was.

Die eerste drie jaar was hier ook 'n Grootringduif (Streptopelia semitorquata), maar 'n kat moes hom gevang het.

# 'N BRIEF IN TRANE

2 Kor. 12:6—13:13 (LW!)

**2 Kor. 2:4: "Met groot bekommernis en beklemming van hart, en onder baie trane, het ek aan julle geskrywe. Dit was nie om julle hartseer te maak nie, maar om julle te laat besef dat ek julle baie lief het.**

Geen mens het vir die Christendom gedoen wat Paulus gedoen het nie. Niemand sal dit betwis nie. Hy was die grootste sendeling van alle tye — daarvan vertel die grootste deel van die boek Handelinge.

Maar Paulus was nie 'n sukses-mens nie. Toe die twaalf apostels nie bereik wat God beoog het nie, het God self sy hand uit die hemel gesteek en Paulus aan die werk gesit, maar Paulus was nie 'n suksesmens nie.

> *Paulus was 'n eensame mens — wat homself 'n ellendige mannetjie genoem het.*

Paulus was 'n eensame mens, selfs byna 'n tragiese figuur. Die oujongkêrel, die geleerde man wat selfs 'n stemgeregtigde burger van Rome was — wat álles verloor het. Die man van aansien in die Joodse Sinagoge; in Jerusalem én Rome, wat álles verloor het omdat hy 'n droom gehad het, 'n visioen. Nie per ongeluk verloor het (soos Job) nie, maar weggegooi en as drek beskryf het. Een van die grootste mense in die wêreldgeskiedenis — wat in Rome verdwyn het, sonder dat ons presies weet hoe. Waarskynlik het hulle sy kop afgekap.

Die grote Paulus, wat homself 'n homunculus miserimus noem — 'n ellendige mannetjie.

* * *

Veral in sy tweede brief aan die Korintiërs leer ons hierdie mannetjie ken, hierdie mensie, hierdie menslike mensie, wat met sy trane skryf, omdat hy nie begryp word nie, en omdat hy begryp wil wees.

Korinte was sý gemeente. Hy het baie gemeentes gehad, maar Korinte was sy spesiale gemeente wat hy met angssweet gekoop het. (Hand. 18:9) Hy het

hulle liefgehad soos net 'n dominee 'n gemeente kan liefhê; wat ek baie goed kan verstaan.

Maar Korinte was nie 'n maklike gemeente nie. Korinte was 'n koppige gemeente, 'n gemeente wat hulle eie kop gevolg het in plaas van hulle Hoof, Christus Jesus.

> *Paulus skryf met sy trane omdat hy nie begryp word nie, en omdat hy begryp wil word.*

Dis nie dat Paulus nie ook bewonderaars daar gehad het nie. Hulle was nie álmal teen hom nie. In 1,1,12 verwys hy na 'n groep wat sê "ons is vir Paulus". Maar die grootheid van Paulus kom juis daarin uit dat hy hom nie in die bewondering van sy aanhangers gebaai het nie. Hy het dit bestraf. Hy het daaroor aan hulle geskryf: "Is Christus miskien in stukke verdeel? Is Paulus miskien vir julle gekruisig? Hoe kan julle sê: ék is vir Paulus, ek is vir Apollos, ék is vir Petrus...?"

> *Paulus was so groot omdat hy sy bewonderaars kon bestraf.*

Miskien is die wonder van die mannetjie Paulus, dat hy die Korintiërs so lief gehad het dat hy hulle kon slaan. Anders gesê: Paulus het nie net die Korintiërs liefgehad nie, maar ook die waarheid. Omdat hy die waarheid liefgehad het, en Die Waarheid, kon hy Korinte liefhê soos 'n vader wat sy kinders slaan omdat hy hulle nie wil bederf nie. 'n Vader, 'n pa, wat eenkant gaan huil nadat hy sy kinders geslaan het; wat geskok is, nie net oor sy kinders se ongehoorsaamheid nie, maar omdat hy self ook 'n sondaar is, en dit weet. En tog móét hy slaan.

* * *

Korintiërs, ek het aan julle geskryf om julle te help, en julle het dit goed gedink om my te verneder. Ek

> *Paulus laak dit dat mense se laster hom dwing om homself aan te prys, maar hy is selfs bereid om dít vir die evangelie te doen.*

het aan julle geskryf soos 'n vader aan sy kinders, en julle het geantwoord: "Wie is jy? Wil jy miskien oor ons heers?"

## Dubbele ontsag

Cecille Botha by die haarkappersalon vertel my van haar ouma wat 'n Kleurlingseun uit 'n verbeteringskool in pleegsorg geneem het op voorwaarde dat hy ook godsdiensonderrig kry. Hy was so klein nog dat net sy twee oë bokant die tafel uitsteek, maar met die grofste stem. Nou sê sy voor:

"Onse Vader..."

En hy sê: "Onse Vader Mies..."

"wat in die hemel is..."

"wat in die hemel is Mies..."

"Laat u Naam geheilig word..."

Dwarsdeur. Niks kon ooit die Mies uit sy kop en uit sy gebed uitkry nie.

---

Ek het julle die waarheid vertel, maar julle het my laat verstaan dat julle nie baie seker is dat ek weet wat die waarheid is nie; dat daar gerugte in omloop is dat ek nie regtig 'n dominee, 'n apostel, 'n amptelike gestuurde is nie.

Ek het die evangelie aan julle verkondig, reguit en op die man af, maar toe daar ná my mense kom wat julle na die mond praat, het julle onder mekaar gesê: Wat het ons aan Paulus? Al wat hy doen is om mens seer te maak. Hy met sy skerp woordjies.

Toe skryf ek maar weer aan julle. Toe ***skryf*** ek maar liewer aan julle. Ek was te bang om self te kom. Ek was bang vir julle, en bang vir myself. Ek was bang vir konfrontasie, want ek het geweet ek sal my mond nie kan hou nie. Dat ons sal stry, en baklei, ons humeur sal verloor en dat alles in wanorde sal eindig. (2,12,20) Toe skryf ek liewer.

Korintiërs! Wat het ek aan julle gedoen? Het ek myself uit julle sakke verryk? Toe ek so arm daar weg is soos ek daar gekom het, het julle veronreg gevoel? Dan vra ek hartstogtelik om verskoning.

Maar ek is jammer. Ek sal nie verander nie. Dis my eer om geen menslike aansien te hê nie. Ek wil geen pryse hê nie, en ek wil ook nie geprys word nie,

want dan kan ek nie meer Christus verkondig nie. Ek wil nie sterk wees nie, want as ek swak is, dán is ek sterk.

En julle weet nog nie eens alles nie. Ek is nog swakker as wat julle dink en skinder. Ek het 'n doring in my vlees, 'n engel van Satan wat God gestuur het om my met die vuis te slaan. Ek het Hom drie maal gebid om die doring uit te trek, maar sy antwoord was: "My genade is vir jou genoeg." God wou nie gehad het ek moet 'n flambojante choleriese histeriese suksesmens wees nie, want dan sou die mense Christus nie meer kon sien nie.

Kan julle dit nie verstaan nie?! Korintiërs, kan julle dit nie verstaan nie!!

Waarom prys julle my nie omdat ek die evangelie van die Kneg, die Slaaf van God verstaan nie? Waarom verneder julle my nog meer deur my nederigheid en onbaatsugtigheid as slappe onbekwaamheid af te maak? Waarom dwing julle my om myself te prys — as julle weet hoe ek dit haat? Waarom maak julle 'n gek van my deur my te dwing om te verduidelik dat ek 'n ware dienskneg van Jesus Christus is omdat sý onbaatsugtige gesindheid in my is?

Ek bedrieg julle nie. Dis nie 'n slenter waarmee ek julle probeer vang nie. Dis nie kamma kamma nie. Ek het julle lief, Korintiërs. Ek kan julle nie prysgee nie. Die liefde van Christus dring my. My ywer vir julle verteer my. Moenie in my pad staan nie. Ek het julle te lief om toe te sien hoe julle met oppervlakkige praatjies en mooi broodjies mislei word.

* * *

Korintiërs, ek kom nou die derde keer na julle toe. Ek kom nou die derde keer huisbesoek doen. Kry asseblief dinge in orde by julle.

"As ek nou weer na julle toe kom, sal ek niks en niemand ontsien nie." (2,12,2) Julle het my beswadder deur te sê dat dit nie Christus, nie Liewe Jesus, is wat deur my praat nie. As julle nie sake in orde bring nie, sal ek kom ***bewys*** dat God deur my praat. Ek het dusver in die swakheid van die kruis by julle opgetree, maar as julle dit nie verstaan nie, as julle dit aansien vir ruggraatlose swakheid, sal ek in die krag van die Opgestane Heer na julle toe kom.

Dan sal ek donder en bliksem uit die hoogte! Dán sal julle my leer ken. Ek sal niks en niemand ontsien nie. Ek sal julle ontmasker — al die skynvrome praatjies, en intussen is julle onreine, ontugtige, losbandige, vleeslike sondaars sonder berou, en sonder verstand.

* * *

Korintiërs, kom tog tot inkeer.

Ek bid julle in Gods Naam, kom tog tot bekering. Word sag in julle harte. Word soos ons Vader in die hemel.

My broers en susters, soen mekaar — as teken van uiterste, diepe liefde.

Ek is nie vir julle kwaad nie. Buitendien, wie is ek nou?

Luister wat sê God:

"Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees. Amen."

*Hierdie preek word opgedra aan Martin Bothma.*

---

**Van bl. 28**

**PAMPOENE**

Buk vooroor, effens wydsbeen, en tel hom op. Jy sal jou elmboë op jou knieë moet stut en vervat, so swaar is hy, voordat jy hom tot teen jou bors kan lig. Kyk na sy sekelnekstingel; daar het fyn gomdruppeltjies uit die snit gepars, miskien hang daar 'n goue draadjie kwyl af tot op sy gryswit skil. Klop met jou middelvinger op hom — hoor sy diep gesonde dreuning. (Hef hom in jou hande. Streel hom, en laat jou hande oor sy gladde ronding loop. Waaraan laat dit jou dink? Tot hiertoe en nie verder nie, dominee, waarsku Marthinus Versfeld.)

Vat hom na 'n plaashuis toe en sit hom in die boerekombuis op 'n greinhouttafel neer. Luister hoe praat hy as 'n boervrou hom met 'n vleismes oopkloof: ghoer ghoer kraak hy as sy die skywe soliede vleis uit hom sny. Braai hom met bruinsuiker en plaasbotter en varkvet. Strooi neut en kaneel oor. Rol hom op jou tong en in jou verhemelte. Laat sy geur in jou neus opslaan. Hou jou asem op en sluk hom. Laat hy glad afgly na die kamers van die binneste.

En eet dan 'n basterskaap se vetderm om sy smaak uit jou mond uit te kry.

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 4/1 JANUARIE 1988*

# DIE SALIGSPREKER

Matt. 5:1–12; Luk. 6:17–26

*Matt. 5:3: "Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele."*

Die behandeling van Jesus se bergrede is een van die moeilikste stukke in die evangelies, veral omdat dit so oorbekend is. Dit voel my dit is al wat ons skoolhoof ooit in die saal gelees het.

Dat dit by die skoolhoof (en alle sedepredikers) so gewild is, moet ons waarsku. Want 'n Christen kan nóóit 'n moralis wees nie. 'n Moralis is 'n sedeprediker of iemand wat hom daarop beroem dat sy sede(s en gewoontes), die dinge wat hy ***doen***, in orde is. Nou nie altyd volmaak nie, maar hoofsaaklik in orde. Selfs sy ernstige belydenis van sy onvolmaaktheid is deel van sy gesonde "moraal" – 'n mens is nou eenmaal maar 'n feilbare mens, maar jou bes moet jy doen. Jy moet jou regruk.

'n Christen kan nie so wees nie. Om twee redes: Hy is 'n vry-***ge-spreekte***, en sy lewe word gekenmerk deur ***vreugde***. 'n Moralis ken nie 'n fraksie van die vreugde van 'n Christen nie. Erns ken hy, ja, en toegewydheid, en hy kan onbarmhartig skree oor die gebreke van sy toehoorders, maar troos en vreugde kan hy nie bring nie. "Boetprediken kan zo onbarmhartig zijn. Het is: de stof van het mensenleven tussen duim en wijsvinger nemen, zoals de lakenkoper het weefsel. Wie het doet, vergeet meestal, dat hij van dezelfde lap is gescheurd. De zedeprediker zoekt kwaliteit; hij wordt verbitterd, omdat hij dié niet aantreft." (Noordmans, Vers. 8/37)

Dis nie dat die goeie dade nie ook plig van die Christen is nie, maar op so 'n heel ander manier. 'n Christen is iemand wat sy swaarkry met lekkerkry klaarkry, soos Langenhoven gesê het; en die Bybel sê ons goeie werke is nie menslike geknutsel nie, dis dade wat klaarlê voor ons hulle gedoen het. (Efes. 2:10 – vgl. veral die Ou, meer letterlike, vertaling.)

Hierdie uitgangspunt is deurslaggewend as ons die Bergrede, die sogenaamde grondwet van die Koninkryk, behandel. Dit is vir ons bedoel, en ons moet dit ernstig neem, maar ons vreugde lê daarin dat toe die dissipels en ons nie kon nie, Jesus dit alléén gedoen het. Hý het sy vyande (ons) liefgehad, Hy het die ander wang gedraai, die ekstra myl saamgeloop, ál sy klere afgestaan aan die dobbelende soldate, die laaste komma en punt van die Wet vervul, en só rus aan die armes, hongeriges, treurendes, vermoeides en belastes gegee.

* * *

As Jesus dus, in ons aangewese Skriflesing, sê: Geseënd, gelukkig, salig is die armes, ook die armes van gees, d.w.s. mense wat min dink van hulleself, nederig is, dan praat Hy kruiswoorde. Mense sonder verdienste kan nie die koninkryk van God (Lukas) en van die hemel (Matteus) persent kry net omdat hulle dit weet nie. Lukas se armes weet dit (hoe arm hulle is) buitendien sonder dat 'n mens hulle weet as 'n deug kan aanprys. Jesus spreek salig omdat Hy die skuld van hierdie armes gaan betaal. Hy doen dit omdat Hy die hart van die barmhartige God is wat mense begenadig net omdat Hy hulle jammer kry.

Dit sou godslasterlik wees om jou te probeer indink hoe God oor mense voel en dink, maar 'n mens kan dit tog seker op 'n manier doen as jy jou beroep op wat God sélf van sy innerlike gesindheid gesê het. En dan sou ek wou sê dat dit sekerlik makliker vir God is om arme mense salig en vry te spreek en te maak as mense wat meen dat hulle ryk en verryk geword het. (Open. 3:17) Vir dié het Hy gesê: gaan verkoop eers alles wat jy het, gaan word eers arm; en Hy het gesê: "witgepleisterde grafte!" En tog het Hy van Saulus die Fariseër die ywerigste van àl die apostels gemaak – nádat Hy hom op die grond neergevel het en hom al sy vorige tradisionele morele bates laat afskryf het. Maar dit neem nie weg nie dat Jesus dié arme mense vryspreek, en hulle die hemel persent gee, wat oplaas soos skape sonder 'n herder die leiding van die bose leiers volg en agter hulle aan skree: "Kruisig Hom!"

> ***Die Bybel sê ons goeie werke is nie menslike geknutsel nie. Dis werke wat klaarlê voor ons hulle gedoen het.***

Matteus en Lukas is dit eens dat dié wat nou treur en huil, sál lag. Weer eens is dit mense wat nie kan spog met hulle skatte op die aarde nie, fisies of geestelik, want anders sou hulle tog nie getreur het nie. Dit is die Lasarusse wat reguit hemel toe gaan omdat God nie langer kan verduur om hulle hondgelekte swere en hulle bloeiende harte aan te sien nie. Hulle gaan vooruit, om Christus ontwil – daarom is hiérdie ook kruiswoorde.

Net Matteus weet van die sagmoediges wat die (nuwe) aarde sal erf. Teoloë kyk skeef op oor die sprong van hemel na aarde, maar die Nuwe Vertaling vertaal goed as hy "nuwe" bysit om die aarde te kwalifiseer. Die sagmoediges is dié wat maklik huil en bes gee. Wat nie wraak neem nie. Nie eens geraffineerd of passief nie. Daarom is Jesus ten slotte die enigste sagmoedige as Hy, ná Hy die dwase huilende vroue — met hul misplaaste sagmoedigheid — bestraf het, nie legioene engele van die hemel afbid nie, maar die Vader vra om die hardvogtige mense te vergewe omdat hulle nie weet wat hulle doen nie. Dis nie vreemd dat die sagmoediges die aarde beërwe nie. Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan, en Hy is die Vader van alle sagmoedigheid.

Lukas sê dié wat nou honger het, sal versadig word, en Matteus sê dié wat honger en dors het na geregtigheid, omdat hulle dit in hulleself mis, sal dit ook kry. Rom. 5 is die beste hoofstuk om langs hierdie spreuk neer te sit, want daar skryf Paulus van die vreemde geregtigheid wat ons deel geword het toe ons nog hongerige en dorstige sondaars was. Natuurlik sál al hierdie dinge gebeur, want God sál die laaste woord spreek.

*Die armes van gees word nie salig omdat hulle weet hoe arm hulle voor God is nie, maar desondanks.*

En dan is dié ook geseënd, sê Matteus, wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word. Wat 'n wonderlike uitspraak. God sal nie barmhartigheid as morele deug beloon nie. Hy sal dan húlle sonde ook vergewe — aan húlle ook barmhartigheid bewys. Noordmans stel dit êrens skerp só: God sal barmhartig wees teenoor die onregverdige barmhartiges, maar regverdig teenoor die regverdige onbarmhartiges. Maar ten diepste gaan dit in Matt. 5:7 ook oor Jesus, dié Barmhartige, wat Hom oor die arme mense ontferm.

Díé wat rein van hart is, is ook geseënd, sê Matteus. Suiwer van hart. Sonder bedrog. Wat nie één dag skree "Hosanna!" en die volgende Vrydag "kruisig Hom" nie. Dié Een wie se sweet soos bloed op die grond val, maar wat dan tog nog enduit die pad loop totdat sy bloed op die grond val vir die arme mense — sodat hulle God kan sien omdat hulle hulle met Christus se geregtigheid beklee; hulle dubbelhartige naaktheid met sý suiwerheid van hart bedek.

En die vredemakers, sê Matteus, sal kinders van God genoem word. Dit hoort ook so want God is die Groot Vredemaker as Hy Homself met die wêreld versoen. Jesus, die Kind van God, wat die moordenaars en rebelle met God versoen, en hulle dan daarna vra om ook vredemakers soos hulle hemelse Vader te word.

*Dis nie vreemd dat die sagmoediges die aarde beërwe nie want die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan, en Hy is die Vader van alle sagmoedigheid.*

Ten slotte is Matteus en Lukas weer by dieselfde onderwerp as albei praat oor die vervolging wat die draers van die Waarheid sal ondergaan. Die vervolging is die waarmerk van die waarheid, want só het hulle ál God se waarheidsprofete in die verlede vervolg. Wel, dít is wat hulle met Jesus gedoen het. Hulle het Hom beledig en Hom obseen verneder en met Hom die spot gedryf. Jerusalem, wat profete doodmaak, het homself gelyk gebly, en sy Grootste Profeet ook doodgemaak. Sy Enigste Hoëpriester en sy laaste Koning. Omdat Jerusalem die saligsprekinge nie wou glo en God in sy diensknegsgestalte nie herken het nie.

Maar beide Matteus en Lukas skryf ná die kruisoffer vir ons. Hulle roep ons toe in die Naam van die Heer dat ons stryd verby is dat ons salig, bly, gelukkig, geseënd is omdat Hý die stryd volstry het. Maar hulle waarsku ook: Wie Jesus en Jesus alléén as Verlosser bely, sal ongewild wees, ja, selfs vervolg word. Deur die goddelose geweldenaars van hierdie wêreld, maar ook deur die vrome moraliste wat so hard aan hulle eie saligheid gewerk het en nie gehoor het dat die Heilige Gees ons salig *spreek* nie. Wat ten slotte 'n bondgenootskap met die wêreld aangegaan, en Jesus gekruisig het.

* * *

Lukas het 'n presiese skadubeeld van sy saligsprekinge waarby ons nie lank hoef stil te staan nie. Dit is die presiese teendeel van wat hy eerste gesê het. Dis is die ryk man wat sy oë in die hel oopmaak, en die ryk dwaas en jongman en die Fariseër wat so gloeiend selfvoldaan was. *Al* die Fariseërs wat mekaar op die rug klop en die voorste stoele vol sit, en die poste wat tel. Hulle voorvaders, sê Lukas, het net sulke mooi toesprake gemaak by die eregeleenthede vir die valse profete. Daar waar hulle mekaar met leuens na die mond praat en baantjies vir boeties oophou.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 4/1 JANUARIE 1988

# OOR BEROEPE, VRY EN PAMPOENE

*Nico Steenberg skryf hierdie keer oënskynlik oor drie dinge, maar as jy mooi kyk, sal jy sien dis net eén ding.*

Toe die gemeente aan die voet van die Winterberge, in wie se boesem ek gebore is, waar ek gesoë en getoë is, onlangs vakant raak, was ek in die middel van die wêreld. Graag sou ek wou teruggaan en my lewe gaan inploeg in dié plek waar ek soveel geluk gesmaak het. Hartseer natuurlik ook. Maar 'n dominee mag mos nie laat blyk dat hy in 'n beroep belangstel nie. Toe het die gemeente die wysheid om in hulle salige onwetenheid 'n proponent te beroep.

Miskien sal ek nou maar moet wag tot ek eendag plot nr. DM.70 in die munisipale begraafplaas aldaar kan gaan beset. En miskien moet ek dan maar my grafsteen in die vorm van 'n juke-box laat maak sodat wanneer iemand 'n geldjie laat aframmel tot in die diepte, ek in 'n onaardse grafstem my liefde kan uitsing:

*Eens, o wonder, o wonder!*
*groei op my graf, o wonder!*
*'n blom uit die stof van my hart*
*duidelik glinster*
*op elke purperblaartjie:*
*A-de-la-ide! A- de-la-ide!*

Wat my nou ook weer herinner aan 'n aand in die sestigerjare toe ek in die foyer van die Polana in Lourenco Marques vir 'n lieflike aanvatlike ou dingetjie op die juke-box gespeel het: Have I told you lately that I love you?

En sy respondeer toe deur vir my 'n Stephen Foster-liedjie te speel met 'n oer-aardse hartseer:

*Ah! may the red rose live allway*
*to smile upon earth and sky*
*why should the beautiful ever weep*
*why should the beautiful die?*

Helaas was dit 'n profetiese heenwysing na nog 'n verlore liefde. Waarom, inderdaad, vra ek, should the beautiful die? Maar dit het my met 'n blywende liefde vir die musiek van Stephen Foster gelaat: Beautiful dreamer, My old Kentucky home, Jeannie with the light brown hair, Come where my love lies dreaming, Oh! Susanna.

Maar miskien het dié groot liefde al begin toe ek een Paasnaweek by Kriek Moolman op Goedemoed gekuier het en ek en hy, twaalf jaar oud, die Saterdagmôre met sy fiets (hy het my voor op die frame gelift) die bult afgejaag het Skurwekop toe, sy oom Buller se plaas, waar ek sy niggie Retha sou gaan vry. Hy het my verseker sy sou vry. En terwyl ons teen die afdraend spoed optel, met die wind in ons gesigte, het ons gesing: The sun shines bright on my old Kentucky home... En ons het net mooi die crescendo bereik: Weep no more lady, oh! weep no more today, toe die fiets spoedstuipe kry in 'n sandbank en ons ons m.'.'. skuins val op die gruiserige plaaspad. Half disnis en beneweld van al die pynplekke wat om aandag smeek, het ek swakkies geprewel: "Kriek, is jý dood of ék?" Net daar, toe ek die gruisklippertjies tussen my tande uitspoeg, het die groot vrylus en die groot verlange my verlaat, en ons het op die buurplaas, Eensgevonden, vir ou Christo du Plooy gaan help om swaar pampoene, boerpampoene, op die skuur se dak te pak. Soliede Boer van Niekerk-pampoene.



Na bl. 25